



Matieland

Universiteit van Stellenbosch

Jaargang 15

Nommer 3 Desember 1971






DIE FEDERALE GROEP

Suid-Afrikaanse Permanente Bouvereniging

Die vooruitstrewende bouvereniging vir vooruitdinkende mense.



Permanente Gebou, Pleinstraat 4, Stellenbosch

Grant 645/3A

Frick



Sig-Sag-Naaimasjiene

Doen gewone werk, knoopsgate, knope, omkap, borduurwerk, name skryf ens. Ongehooflik maklik en netjies.

Handaangedrewe

R117.50 Min 20% vir kontant

Motoraangedrewe

R133.75 Min 20% vir kontant

Frick-Skêr

R3.00 Gemaak van geweerstaal

Duitse Naaisy

50c Per 1.000 Jts. tol

**Posbestellings kry
onmiddellike aandag**

Voortrekkerweg 35, Parow, Kaap, Foon 98-6489

MATIELAND

UITGEGEE VIR OUD-STUDENTE EN DONATEURS
DEUR DIE
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

ONDER REDAKSIE VAN
J.J.OOSTHUYSEN

MET MEDEWERKING VAN
DIE DEPARTEMENT VAN ONTWIKKELING

JAARGANG 15 NO. 3 DESEMBER 1971


In Hierdie Uitgawe

Die pentarg van die eerste Stellenbosse Sangfees van 1946 tydens die Kwarteeufees in September 1971, 5
Redaksioneel
<i>Matieland vang die wind</i> , 6
<i>Die Staatspresident gedeckoreer</i> , 7
<i>Oud-rektor van U.S. na Duitsland</i> , 7
<i>Dr. R. L. M. Kotzé</i> , 7
<i>Nuwe Raadslede</i> , 8
<i>Die V.V.U.S.: Verbeteringe</i> , 8
<i>Kers- en Nuwejaarwense</i> , 8
Ons Eer hul Nagedagtenis, 8
Aanstellings en Bevorderings, 10
Matieland : Nusas en A.N.S., 13
Bemakings, Beurse en Skenkings, 15
Uitbreidings
<i>Bloeiente Fakulteit van Geneeskunde</i> , 17
<i>Die Langenhoven-Studentesentrum</i> , 19
<i>Nuwe gebou vir Huishoudkunde</i> , 21
Kursusse, 22
<i>Avontuuropleiding deur Militêre Akademie</i> , 22
In Gesellige Luim
<i>Dagbreek vier Halfeufees</i> , 26
<i>Suidelike Rektore</i> , 30
<i>Eerste President van 'n Afrika-staat besoek Matieland</i> , 31
<i>Die Universiteitskoor in S.W.A.</i> , 31
<i>Fisiiese Chemici presteer</i> , 32
<i>Konferensie van Skoolhoofde</i> , 33
Oud-Maties, 34
<i>Die konvokasie</i> , 34
Matielandfonds, 38
Studentebedrywighede, 39
<i>Maties en Rugby</i> , 39
Allerlei, 45
<i>Spesiale Grade en Diplomaplegtigheid</i> , 45
<i>Bosbou bespaar arbeid</i> , 45

B U I T E B L A D F O T O :

Die Staatspresident, dr. J. J. Fouché, sê aan Adrie Kriek dat veral sy tog te mooi gesing het. Theo Smit (ook 'n koorlid) sien uit die hoogte op haar neer, terwyl oom Philip McLachlan, dirigent van die Universiteitskoor, ook 'n deeltjie van die sonskyn ontvang.
(5 Junie 1971 op Stellenbosch tydens 'n onthaal in die banketsaal na die koor se uitvoering.)

(Foto: Johan Stander)



Die pentarg van die eerste Stellenbosse sangfees van 1946 tydens die kwarteeufees in September 1971:

Van Links na Regs: Prof. G. G. Cillié (Klein Gawie)
Dr. J. L. de Villiers (Koekjan)
Prof. Con de Villiers (die Nestor)
Dr. J. J. de Villiers (Jan Sangfees)
Prof. Bun Booyens (die Yweraar)

Redaksioneel

Matieland vang die wind

Matieland het hom tot dusver nog altyd daarvan weerhou om deel te neem aan die polemiek wat oor Matieland en die Universiteit gevoer word en die vrae wat in die jongste tyd gestel word.

Oud-Maties verwag dat Stellenbosch die simbool sal bly van alles waarvoor die Afrikaner in sy spreekwoordelike tradisie bekend was, en dat dit in die praktyk tot uiting sal kom. Dit kom daarop neer dat van Stellenbosch verwag word om ook in die toekoms op die pad te bly wat in die verre verlede begin en ons gebring het waar ons is.

Dit is meer as wat van enige reisiger op sy kronkelende pad, of van enige staatsman in sy praktiese politieke beleid verwag word. Selfs die arme Christen slinger op die smalle reguit weg, al is dit deur 'n Hoë hand vir hom uitgestippel. Hoeveel te meer sal die stomme mens, vir wie die toekoms een groot duistere ruimte is, slinger terwyl hy tastend die onbekende probeer binnedring?

Ook Stellenbosch se studente en dosente probeer om deur probleme heen na die sterre te reik.

'n Span trekdiere bestaan uit een helfte wat hot en 'n ander helfte wat haar trek, maar as die drywer en die touleier of leiselhouer daar is, beweeg hulle nie hot en haar nie, dog op die pad wat die leiselhouer bepaal. In die geval van Matieland sal studente kom en gaan. Party sal hot en ander haar trek, maar die Raad, die Senaat, die Kanselier, die Vise-kanselier en die Rektor bly nog diegene wat die koers en die pad bepaal en bestendigheid daaraan gee.

Ondanks wat ander mag sê, bly Stellenbosch nog steeds die toering waarna die tradisievaste oud-Maties kyk en daarom staan die oud-Matie in sy lojaliteit tereg as jaloerse wagter teenoor sy Alma Mater, en dikwels as streng kritikus! Maar die huidige geslag, die jong Maties, is begryplikerwys voortvarender as die ou manne. Hulle wil dinge gedoen hê! Die ouer

manne druk sterk in die vaste skrum, maar die jongmanne is gouer op die los bal en druk die drieë – al is hulle aangeë nie altyd suwer nie.

Aan die einde van die halfeeufees van Dagbreek verlede September het dr. Eben Greyling, 'n veteraan van 1921 se dae, na nadere kennismaking met die huidige jongmanne van Stellenbosch, gesê dat hy in die naweek die geleentheid gehad het om te sien dat die Christelike en nasionale norme van 1921 vandag nog geld en het hy geëindig met: „Die stert sal nie die hond swaai nie!“

Dit is egter nie net die jong Matie-studente wat Stellenbosch kritiek op die hals haal nie. Ook akademici skep soms 'n verleenheid vir die oud-Matie. Dog wat dit betref, moet onthou word dat van akademici verwag word om die praktyk voor te wees – ongeag of die teorie later blyk 'n barre dorsland te wees eerder as 'n Elisiese huisland. Akademici is dikwels stekelig vir die pragmatici, maar hulle hou 'n mens op die tone!

Sake raak egter sinister wanneer onverantwoordelike en moedwillige verdraaiing of dubbelsinnighede en fluisterstories die fondamente van Stellenbosch probeer afkraak, want as Stellenbosch benadeel kan word, word alles wat aan hom gekoppel is, beskadig – ook, en veral, die *idees* waarvoor Stellenbosch staan.

In alle erns wou 'n oud-Matie onlangs weet of dit so is dat die helfte van 'n sekere koshuis se inwoners Engelse is, want dan word Afrikaanse seuns mos losies in daardie koshuis ontsê. Die waarheid is dat net 23 van die 177 inwoners in die koshuis Engels of Engels/Afrikaans as huistaal het.

Vir 1971 is die studentesamestelling volgens huisstaal soos volg:

Afrikaans	6 624 (81,6%)
Engels	727 (9,0%)
Afr./Eng.	522 (6,4%)
Duits	162 (2,0%)

Nederlands	67 (0,8%)
Ander	13 (0,2%)
Totaal	8 115

Die analise van 'n ruim steekproef wat onder leiding van prof. W. B. Vosloo van die Departement Staatsleer en Openbare Administrasie gemaak is, toon dat die stand van die politieke partye volgens huisstaal soos volg is :

Afrikaanssprekendes

87% N.P., 7% V.P., 1% H.N.P., 1% Progressief en 3% geen party.
(Totaal 99%)

Engelssprekendes

41% V.P., 19% N.P., 25% Progressief, 9% geen party, 3% ander.
(Totaal 97%)

Afrikaans-/Engelssprekendes

53% N.P., 17% V.P., 17% Progressief en 10% geen party.
(Totaal 97%)

Dit was nog altyd die beleid dat Engelssprekendes ook op Stellenbosch se kampus welkom is – maar hulle moet, wanneer hulle hierheen kom, bereid wees om die instellings en tradisies van die Universiteit te eerbiedig. Trouens, Stellenbosch het selfs veel te danke aan afstammelinge wie se voorsate oorspronklik uit Angelsaksiese lande gekom het, soos die oudrektore proff. R. W. Wilcocks en H. B. Thom, en 'n hele lys van professore.

Stellenbosch is egter dikwels ook die slagoffer van skewe beriggewing soos toe 'n koerant onlangs geskryf het dat die verkose studenteraad „verlig“ is. Wat beteken dit? In die werklikheid is die S.R. 80% nasional, maar binne die nasionale geledere is debatte aan die gang en bestaan lewendige meningsverskille – soos wat 'n mens by dinamiese jongmense kan verwag.

Van die gemelde studenteraad, of van die voriges, kan egter met vrymoedigheid gesê word dat hulle nog nie ons Kanselier, dr. B. J. Vorster, in die openbaar en nog minder in sy teenwoordigheid gerepublieer het nie. Ons S.R.-lede het nog altyd die goeie smaak getoon om ten nouste met regeringsinstansies te skekel. 'n Goeie voorbeeld is die hoë peil waarop pres. Kamuzu Banda van Malawi ontvang is.

Die publiek word ook versoek om nie alles wat

hulle sien en hoor te glo as van Stellenbosse oorsprong nie. Sedert 1967 is 'n bose vlaag van ondermyning teen Stellenbosch aan die gang. Onthou u die pamflette, uit die noorde afkomstig, wat op Stellenbosch gepos is en gemik was teen die regering? Sulke brosjures en strooibiljette maak gereeld hul verskyning. Die laaste was die propaganda teen verlede jaar se Republiekfees, hierdie keer uit die suide afkomstig. Onthou u die hofsaak? Intussen het minstens 1500 Maties aan die feesprogramme self deelgeneem.

By geleentheid is gesê: „Stellenbosch blocks the way.“ Dit is vandag nog so dat Stellenbosch stewig in die pad van ons volk se vyande staan.

DIE STAATSPRESIDENT GEDEKOREER

Die Dekorasie vir Voortreflike Diens is op 1 Oktober aan die Staatspresident, dr. J. J. Fouché, deur die President van die Senaat, sen. J. de Klerk, oorhandig.

Dit is die eerste keer dat hierdie dekorasie toegeken word.

In sy antwoord het die Staatspresident gesê: „My lewensideaal is om die burgers van S.A. onherroeplik saam te snoer en dié verering is vir my 'n aansporing daarvoor.“

Matieland wens die Staatspresident hartlik geluk met hierdie dekorasie.

OUD-REKTOR VAN U.S. NA DUITSLAND

Prof. H. B. Thom, tans voorsitter van die Nasionale Onderwysraad, en mev. Thom, het na Wes-Duitsland as gaste van die Alexander von Humboldt-Stiftung gevaa. Verskeie universiteite en opleidingsinrigtings vir onderwysers is besoek. Hulle het op 20 September vertrek en het na ses weke teruggekeer.

D R. R. L. M. K O T Z É

Dr. R. L. M. Kotzé is as Direkteur van Hospitaaldienste aangestel in die plek van dr. J. A. Hendriksz wat op 1 Julie vanjaar afgetree het.

Dr. Kotzé was die afgelope aantal jare ten nouste verbonde aan die Universiteit van Stellenbosch toe hy mediese superintendent van die Karl Bremer- en daarna van die reuse Tygerberg-hospitaal was. Gemelde twee hospitale dien as opleidingshospitale vir U.S. se Fakulteit van Geneeskunde.

Matieland wens hom hartlik geluk met die welverdiende bevordering en sien daarna uit om voort te gaan met die vrugbare samewerking wat die afgelope jare gehandhaaf is.

Mnr. J. L. Cilliers, die plaaslike landdros, is in die plek van mnr. A. F. Pereira wat as lid van die plaaslike Afdelingsraad bedank het, en dus nie meer die Afdelingsraad in die Raad van U.S. kan verteenwoordig nie, vir die onverstreke tyd aangestel.

Mnr. Jan de Necker, voorsitter van die Randbank, is deur die donateurs van die Universiteit van Stellenbosch tot lid van die Raad van U.S. verkies in die plek van dr. G. S. J. Kuschke, wat onlangs oorlede is. *Mnr. de Necker* dien dus tot 1 April 1972.

DIE V.V.U.S.: VERBETERINGE

Mev. Oberholster (nie *Oberholzer* soos geskrywe is in *Matieland* van Augustus vanjaar nie) wys daarop dat hoewel die notule van die Vroue-Vereniging van die Universiteit praat van 'n „kennis” (*Matieland*, Aug., bl. 33), die handskrif dalk misleidend is. Dit was 'n kermis. Nou kan die notule ook gekorrigeer word.

KERS- EN NUWE JAARSWENSE

Mag alle lezers van *Matieland* in die Kerstyd opnuut die vreugde gebring deur die Christuskind ervaar. Mag 1972 in sy voor- en teëspoed vir u 'n geseënde genadejaar wees.

Meros se Kersgeskenk

Sal almal wat nog wil bydra tot die Ontwikkelingsfonds van die Universiteit dit asseblief doen vòòr 31 Desember. Die name van skenkers sal weer in ons April-uitgawe verskyn.

Ons Eer
Hul Nagedagtenis

D R. G. S. J. K U S C H K E

Dr. G. S. J. Kuschke, in lewe lid van die Raad van die Universiteit van Stellenbosch, is op 27 Julie na 'n ernstige hartoperasie in Johannesburg oorlede.

Matieland, as orgaan van die U.S., bring dankbare hulde aan die nagedagtenis van hierdie geniale, wellewende, hardwerkende man wat sy talente ook aan ons Universiteit gewy het, ondanks sy talle verpligtinge op talryke ander gebiede.

Hy het as voorsitter van die direksies van 20 verskillende maatskappye en as lid van die direksies van nog 27 ander gedien. Hy het wyle dr. H. J. van Eck verlede jaar as voorsitter van die Nywerheidontwikkelingskorporasie opgevolg.

Dr. Kuschke is op 24 Julie 1918 in Johannesburg gebore en het aan die Hoër Seunskool Pretoria, die Universiteite van Stellenbosch, Pretoria (M.Sc.) en Suid-Afrika (B.Comm.), gestudeer. Die Universiteit van Potchefstroom het die eregraad D.Com. aan hom verleen.

Dr. Kuschke is in 1945 met mej. Yvonne Rautenbach getroud. Hulle het twee seuns (van wie Leon in Eendrag-koshuis inwoon en vir B.Comm. Regte studeer) en 'n dogter. Innige meegevoel word met die gesin betuig.

P R O F. I. S. P E R O L D

Prof. I. S. Perold, hoof van die Landboukollege Stellenbosch-Elsenburg en direkteur van die Winterreënstreek van die Departement Landbou-tegniese Dienste, is op 1 Augustus in die ouderdom van 63 jaar oorlede. Hy sou op 4 Augustus verjaar het.

Hy het in 1933 die graad M.Sc. in Landbou aan U.S. behaal en in 1947 die D.Sc. in Landbouchemie. In 1947 is hy as lektor in biologiese chemie aan U.S. aangestel, in 1948 as senior lektor, en in 1954 as professor in voedingsleer. Hy was ook lank dekaan

van die Fakulteit van Landbou. In 1967 is hy in sy laaste betrekking aangestel.

Hy was 'n harde werker en 'n ware navorser veral wat betref die spoorelement-behoeftes van landbougewasse. As dosent was hy gewild onder beide sy kollegas en studente. Oprechte meegevoel word met sy agterblywende eggenote, dogter en twee seuns betuig.

PROF. A. F. DE WET

Prof. A. F. de Wet, kenner van sagtevrugte-variëteite, is op 22 Junie onverwags sag oorlede in die ouerdom van 68 jaar. Hy het twee jaar gelede afgetree as professor van Pomologie aan U.S. Hy laat sy eggenote en drie kinders agter.

Sedert sy aftrede was hy nog besig as deeltydse navorser aan die Navorsingsinstituut vir Vrugte- en Voedseltegnologie op Stellenbosch. Hy het die B.Sc.-en M.Sc.-graad op U.S. behaal en in 1927 by die Landboukollege Elsenburg begin werk.

(Sien sy foto op bl. 43 onder: *Matiest wens bloedige intervarsity*.)

Mnr. Jaco van der Merwe, in lewe lektor in Afrikaans aan U.S., het sy hele boekery, al sy outeursregte en aandele in Nasionale Pers aan die Universiteit bemaak op voorwaarde dat dit ten bate van die Departement Afrikaans/Nederlands aangewend word.

Hy is op 17 Februarie vanjaar oorlede.

Ds. W. A. Krige is op 5 Mei 1971 in Pretoria oorlede na 'n lewe van diens. Hy het 25 jaar in die Sending gearbei, 18 jaar was hy direkteur van die Charlotte Theron-kinderhuis op Bethlehem en selfs na sy aftrede in 1958 het hy hom op Kleinmond besig gehou met die kweek van die Krige-lelies waarmee sy vader, oom Japie Home van Stellenbosch soveel baanbrekerswerk gedoen het.

(Sien ook *Matieland* van Aug. 1967, bl. 38.)

Mnr. W. F. A. Blersch wat 32 jaar lank stadsklerk van Stellenbosch was, is op 19 Augustus in die ouerdom van 82 jaar oorlede.

Mnr. Blersch was 'n simpatieke vriend van die Universiteit en het ook lank in die Komitee vir die verfraaiing van Universiteitsterreine gedien.

Mnr. Ben G. J. J. Olivier, M.A., hoofbestuurder van die Nasou-uitgewery, is op 2 Julie skielik oorlede. Hy is beskou as een van die knapste uitgewers van opvoedkundige boeke in S.A. Hy was ook baie bedrywig as kultuurman, ouderling en selfs Sondagskoolonderwyser

en het jare lank onder die skuilnaam Gerhard Steyn geskryf. Hy was 'n man met 'n breë glimlag.

Hy laat sy eggenote, twee seuns en 'n dogter agter.

Prof. T. J. Haarhoff, een van die grootste kenners en liefhebbers van die Klassieke in S.A., is op 30 Augustus in die ouerdom van 79 jaar oorlede.

Hy was eers lektor aan die U.S. en is daarna na U.K. In 1922 het hy professor aan Wits geword. As Afrikaner het prof. Haarhoff 'n groot ooreenkoms gesien tussen ons voorvaders en die ou Romeine.

Mnr. Werner Barnard (43), bekende radiopersoonlikheid en voorsitter van die Noord-Transvaalse Krieketunie, is op 14 September in Pretoria oorlede nadat hy in die naweek siëk geword het. Hy was vennoot in 'n prokureursfirma in Pretoria. Hy word oorleef deur sy vrou en vyf dogters.

Mnr. J. Joubert, 'n Streek-direkteur van Landbou vir die Winterreënvalstreek van 1946-1951, is in September in die ouerdom van 75 jaar oorlede.

Mnr. A. F. Kock wat meer as tien jaar lank voorsitter van die Oud-Matielbonds tak van Klerksdorp was, is in die begin van September vanjaar oorlede. Hy was 'n Matie in murg en bloed.

Mnr. Pieter Kruger (B.Comm. 1969) en uitruilstudent na die V.S.A. in 1969, is op 8 September, net buite Colesberg, op slag gedood in 'n motorongeluk. In 1970 is hy gekies tot voorsitter van die Internasionale Handelsvereniging en was hy na die wêreldkongres in Brussel afgevaardig. Sy ouers is mnr. en mev. Percy Kruger van Colesberg.

Het *Matieland* kennis
gekry van u
adresverandering?
So ja!
Baie dankie!

Aanstellings en Bevorderings

Bevorderings

Die Raad van die Universiteit van Stellenbosch het op sy jongste vergadering die volgende personeellede bevorder tot professore:

PROFESSORAAT IN SIELKUNDE

Dr. A. G. Botha, senior lektor in Sielkunde, is met ingang 1 Julie 1971 bevorder tot professor in Sielkunde. Dr. Botha het die B.A.-, M.Ed.- (cum laude), Hons. B.A.- (Sielkunde) en M.A.-graad in Sielkunde (cum laude) aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf en in Maart 1971 die doktorsgraad in Sielkunde. Hy besit ook die P.O.S. en die H.P.O.S. (beide met lof) van die Opleidingskollege Paarl. Vanaf 1944 tot 1959 was dr. Botha aan die onderwys verbonden, die laaste ses jaar as skoolhoof.

Dr. Botha is raadslid van die Sielkundige Instituut

van die Republiek van Suid-Afrika en voorsitter van die Wes-Kaaplandse tak. Hy is die skrywer van „Skoolvoortliggingsdienste – Deel Drie: Persoonlikheids- en Opleidingsvereistes van die Onderwyser-sielkundige”.

PROFESSORAAT IN LIGGAAMLIKE OPVOEKUNDE

Dr. H. I. Nel, Senior Lektrise in Liggaamlike Opvoedkunde, is met ingang 1 Julie 1971 bevorder tot professor in Liggaamlike Opvoedkunde. Dr. Nel het die graad B.Sc. in Liggaamlike Opvoedkunde, die Onderwysdiploma en die D.Ed.Ph.-graad aan U.S. verwerf. Aan die Wellesley College, Massachusetts, V.S.A., het sy die graad M.Sc. in Liggaamlike Opvoedkunde verwerf. Aanvanklik was sy dosente aan die Onderwyskollege, Bloemfontein. Sedert 1950 is sy verbonden aan die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde van

Prof. A. G. Botha



Prof. H. I. Nel



Prof. T. C. Smit



U.S., aanvanklik as lektrise en sedert 1961 as senior lektrise.


Sy het op uitnodiging lesings oor Liggaamlike Opvoedkunde gelewer by internasionale kongresse te Washington, Keulen en Tokio en drie publikasies het reeds van haar verskyn. Sy is sedert 1953 Suid-Afrikaanse Verteenwoordigster van die Internasionale Vereniging vir Liggaamlike Opvoedkunde en Sport vir Vroue en Dogters en vise-voorsitster sedert 1965.

PROFESSORAAT IN DIE FILOSOFIE
VAN DIE OPVOEDING EN ALGEMENE
HISTORIESE OPVOEDKUNDE


Dr. T. C. Smit, senior lektor in die Filosofie van die Opvoeding, is met ingang 1972 bevorder tot professor in die Filosofie van die Opvoeding en Algemene Historiese Opvoedkunde. Dr. Smit het die grade B.Sc., B.Ed. (cum laude), M.Ed. en D.Ed. aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf asook die S.O.D. (cum laude). Dr. Smit is sedert 1962 verbondé aan die Fakulteit van Opvoedkunde van U.S. Gedurende 1968 was hy besoekende professor aan die Bemidje State College, Minnesota, V.S.A.

Verskeie publikasies het uit sy pen verskyn. Dr. Smit het reeds in die Gesamentlike Raad van die S.A.O.U. gedien en is bestuurslid van die Wes-Kaaplandse Tak van S.A.V.B.O., Fakulteit van die S.A. Akademie, Provinciale bestuurslid van SABRA, lewenslid van die F.A.K. en dien in die Advieskomitee van die Algemene Sinode van die N.G. Kerk (Kategorie Onderrig).

Prof. G. N. Louw



Adv. K. F. J. Schwietering



Adv. A. H. van Wyk



PROFESSORAAT IN SOÖLOGIE

Dr. G. N. Louw, senior lektor in Soölogie, is met ingang 1 Julie 1971 bevorder tot professor. Dr. Louw het die graad B.Sc. in Landbou in 1952 aan U.S. verwerf. Vanaf 1955 tot 1957 studeer hy aan die Universiteit van Pretoria en verwerf hy die graad M.Sc. (Agric.) met onderskeiding. Hy sit daarna sy studie aan die Universiteit van Cornell, V.S.A., voort en verwerf in 1960 die Ph.D.-graad.

Vanaf 1960 tot 1965 was dr. Louw senior lektor in Dierefisiologie en Dierevoeding aan die Universiteit van Pretoria. Sedert 1967 is hy Senior Navorsier (W.N.N.R.-beurshouer), Soölogie Instituut, aan U.S. en deeltydse dosent vir nagraadse studente. Dr. Louw het verskeie beurse en pryse verwerf. In 1966 is hy verkies tot lid van die New York Academy of Science. Sedert 1967 is hy raadgewende redakteur vir die tydskrif : „Environmental Research”.

Hy is ook lid van verskeie ander verenigings en 24 publikasies het reeds uit sy pen verskyn.

PROFESSORE IN REGSGELEERDHEID

Adv. K. F. J. Schwietering, van 1955 senior lektor in Regsgleerdheid aan U.S., is bevorder tot professor met ingang 1 Januarie 1972. Hy het die graad B.A. in die Regte in 1945 aan Unisa verwerf. In 1947 het hy die LL.B.-graad (cum laude) aan U.S. verwerf. Hy was vir verdere studie te Cambridge, Leiden en Tübingen.

Hy werk tans aan 'n proefskrif vir sy doktorsgraad,

getiteld: „Onregmatigheid en Skuld by Damnum Injuria Datum.”

Adv. A. H. van Wyk, van 1966 senior lektor in Regsgeleerdheid aan U.S., is bevorder tot professor met ingang 1 Januarie 1972. Aan die einde van 1962 en 1964 het hy die grade B.A. (cum laude) en LL.B. (cum laude) onderskeidelik aan U.S. verwerf.


Vanaf Februarie 1965 tot Februarie 1966 het hy nagraadse studie aan die Rheinische Friedrich-Wilhelms-Universität, Bonn, Duitsland, gedoen.

PROFESSOR IN SIVIELE INGENIEURSWESE

Mnr. A. Coetsee, senior lektor in Siviele Ingenieurswese, is bevorder tot professor met ingang 1 Januarie 1972. Mnr. Coetsee het die graad B.Sc.Ing. (Siviel) in 1944 aan U.K. verwerf en in 1964 die D.H.E.-diploma (Delft). Hy is volle lid van die S.A. Instituut vir Siviele Ingenieurs en van die Instituut vir Siviele Ingenieurs van die V.S.A. Hy is tans ingeskryf vir die graad Ph.D. (Ingenieurswese).

Vanaf 1945 tot 1949 was mnr. Coetsee werkzaam by verskillende munisipaliteite waarna hy in diens getree het by U.S. Hy het twee navorsingsprojekte met

Mnr. A. Coetsee



hidrouliese modelle van kusprobleme onderneem en 'n groot bydrae gelewer tot die beplanning van die nuwe gebouekompleks vir die Fakulteit van Ingenieurswese van U.S.

Die Raad van die Universiteit van Stellenbosch het ook die volgende bevorderings van personeel goedgekeur:

Mnr. J. D. P. van der Poll, tot senior lektor in Bantoe-tale.

Mnr. P. Martens, tot senior lektor in Musiek.

Dr. R. E. Ottermann, tot senior lektor in Musiek.

Dr. M. H. C. Visser, tot senior lektor in Soölogie.

Mnr. J. M. de Kock, tot senior lektor in Soölogie.

Dr. J. D. Jurgens, tot senior lektor in Soölogie.

Mnr. J. H. Hamilton, tot senior lektor in Opvoed-kundige Sielkunde.

Mej. B. Wiid, tot senior lektrise in Liggaamlike Opvoeding.

Mnr. A. E. Schoch, tot senior lektor in Geologie.

Mnr. A. C. L. Henderson, tot senior lektor in Engels.

Mnr. H. C. L. Aucamp, tot senior lektor in Afrikaans in die Fakulteit van Opvoedkunde.

Mnr. W. E. Trengrove, tot senior lektor in Engels in die Fakulteit van Opvoedkunde.

Mnr. J. D. Stemmet, tot lektor in Frans.

Mnr. A. P. Hendrikse, tot lektor in Bantoe-tale.

Mnr. C. P. Kuun, tot senior administratiewe beampete.

Mnr. J. A. du Toit, tot administratiewe beampete.

Mnr. E. Human, tot administratiewe beampete

Matieland: Nusas en A.N.S.

Ek merk dat *Matieland* inligting vra insake die vroeë fases van die NUSAS-A.N.S.-stryd en Stellenbosch se posisie.

Omdat ek daardie jaar (1933) toe die Noordelike Universiteite uit NUSAS getree het, Voorsitter was van die S.V.R. van Stellenbosch en die aanvanklike onderhandelings meegemaak het, is dit miskien gepas dat ek 'n paar gebeure in herinnering roep.

Daar is dikwels gevra: Waarom het Stellenbosch aanvanklik met 'n byna eenparige stem besluit om nie die band met NUSAS sonder meer te verbreek nie? Was dit omdat Stellenbosch destyds „onafricaans“ of „onpatrioties“ was soos dit soms in later jare voorgestel is deur mense wat nie mooi weet nie?

DIE NOORDE TREE EENS YDIG OP

Soos die lezers van *Matieland* weet, het al ons universiteite vóór 1933 van die ou NUSAS, wat destyds die algemene studenteorganisasie in Suid-Afrika was, deel gehad. Al ons universiteite het ook jaarliks aan die studenteparlemente en ander werksaamhede asook studente-toere deur NUSAS gereël, deelgeneem. Van die interessantste belewenisse van ons studentedae op Stellenbosch was die jaarlikse verkiesings vir die NUSAS-parlement, wanneer Nat en Sap, die Sentrale of Progressiewe Partye mekaar getakel het. Johan Buhr, Jack Loock, Blaar Coetzee, Ben Havemann en baie ander se verkiesingsveldtogte en toesprake was van die onvergeetlike dinge uit dié dae. Die Noordelike Universiteite het saam deelgeneem. Maar in 1933 het Bloemfontein, Pretoria en Potchefstroom in 'n blok uitgetree onder leiding van manne soos Piet Meyer (nou S.A.U.K.), Fritz Steyn, Piet Beukes en andere.

Met Stellenbosch is op geen manier vooraf geskakel nie. Die nuus dat hierdie Noordelike inrigtings uitgetree het, het ons deur die pers bereik en dit het Stellenbosch soos 'n bom getref.

Daar is dadelik druk op Stellenbosch geplaas om die Noordelike Universiteite te volg en ook summier uit NUSAS te tree. Vanselfsprekend het Stellenbosch dit uiterst vreemd gevind dat hy op so 'n manier, sonder enige raadpleging of samespreking vooraf, voor 'n voldonge feit geplaas word. Daar is onmiddellik druk besprekings gehou en 'n massavergadering is belê. Een van die heel grootste massavergaderings in baie jare is gehou en met 'n oorweldigende meerderheid het die Maties besluit om nie uit NUSAS te tree nie. Die groot oorweging en beslissende argumentasie was dat ons Afrikaanse studente nog nooit gesamentlik in NUSAS op hervormings aangedring het nie, en om nou summier uit te tree, sonder om binne die organisasie self, waar ons Afrikaanssprekendes die meerderheid was, ons standpunte te stel en ons kritiek te lewer, het na „weghardloop“ gelyk. Stellenbosch was gewillig om saam met die Noordelike Universiteite enige regmatige beswaar teenoor NUSAS te stel. Hul was egter nie gewillig om onder druk van die Noorde sonder meer uit te tree nie. Daar was ten regte of onregte 'n gevoel onder die groot meerderheid Maties dat hul opsetlik deur die Noordelike Universiteite verbygegaan is en nou met 'n pistool gedreig word dat as hul nie ook uittree nie, hul die bewys lewer dat hul nie „goeie Afrikaners“ is nie. Die studente van daardie dae was maar soos die studente van vandag! Op die massavergadering het net 'n klein handjievol studente onder leiding van J. F. (nou ds.) de Vos vir onmiddellike uitrede uit NUSAS gestem. Die S.V.R. het éénparig gestem vir voortgesette lidmaatskap. Behalwe skrywer was daar onder die 20 S.V.R.-lede Helm (nou regter) van Zyl, Danie Joubert, die bekende atleet, Willem (nou prof.) Kempen, Koch de Jager, Hymne Naudé (nou mev. prof. P. F. D. Weiss), Piet (later ds.) Jordaan, Daan Craven, M. S. le Roux, John Malan, Anna Malan (mev. ds. P. J. Loots), A. D. Luckhoff (tans inspekteur van skole) en Vla van Zyl Smit. Stellenbosch se optrede en reaksie



Die drie afgevaardigdes na die „NUSAS-onraad” van 1933. L.n.r.: Piet Jordaan (oorlede), Willem Kempen en Ben Marais.

ten opsigte van hierdie hele aangeleentheid was byna eenparig.

DIE EIENAARDIGE VERGADERING OP BLOEMFONTEIN

Stellenbosch het ewenwel 'n uitnodiging aanvaar om 'n byeenkoms van Afrikaanse Universiteitsleiers in Bloemfontein by te woon. Ondergetekende, Willem Kempen en Piet Jordaan, is daarheen afgevaardig namens Stellenbosch. Wat was ons verbasing groot toe ons die eerste aand op die dinee aanland en vind dat ons twee lede – Kempen en Jordaan – op die heel laaste plekke op die verste onderend van die lang tafels half in die skemerdonker geplaas is en ek as voorsitter op die laaste plek van die tafel vir voorstellers. Dit sou nog nie so snaaks gelyk het as J. F. de Vos, wat sonder ons wete, ook daar as genooide gas opgedag het, nie die ereplek aan die hooftafel net langs die voorsitter (Piet Meyer) beklee het nie! Die hele opset was te opvallend om ongemerk verby te gaan. Hier sit ons drie offisiële studenteverteenvoerdigers op die verste hoekies uitgeskuif en weggesteek en 'n student, wat niemand behalwe homself en sowat 30 studente, uit die hele studente-unie verteenwoordig nie, sit op die ereplek. Ek moes dié aand baie mooi praat om die ander twee Stellenbossers daar te hou! Die affront aan Stellenbosch was té opsigtelik!

Niks het uit die samesprekings gevloeい wat Stellen-

bosch oortuig het dat hy moes uittree om so sy Afrikanerskap te bewys nie. Stellenbosch het nog geglo dat hy en die Afrikaanse student 'n taak binne NUSAS het. Hul was nie teen 'n organisasie wat uit alle Afrikaanse studente bestaan nie, maar het verkieks dat ons dan as groep ons binne NUSAS sou laat geld.

NUSAS EEN JAAR LANK BLANK

Persoonlike korrespondensie is vir maande tussen Stellenbosse en Noordelike studenteleiers oor die sake gevoer maar tot 'n vergelyk het dit nie gekom nie. Die volgende jaar is Stellenbosch nog verteenwoordig op 'n NUSAS-byeenkoms in die ou McFadjensaal in Pretoria. Ondergetekende het daar namens Stellenbosch voorgestel dat NUSAS voortaan sal bestaan uit verteenwoordigers van blanke inrigtings alleen. Dié voorstel is aanvaar – min mense besef dit vandag – en vir één jaar was NUSAS alleen vir blanke universiteite. NUSAS wou Stellenbosch duidelik graag behou en daarom het hul tot die besluit ingewillig. Dit het gegaan om Stellenbosch of Fort Hare.

Toe Stellenbosch die volgende jaar uittree, het NUSAS sonder die teenwig van die Afrikaanse universiteite 'n al radikaler koers opgegaan. Na die aanvanklike skok van Stellenbosch se ignorering verby was en daar rustig na die nuwe realiteit gekyk is, het Stellenbosch eers aan sowel die A.N.S. as NUSAS behoort maar geleidelik na die A.N.S. oorgeskuif, daar die besef gegroei het dat Stellenbosch alleen nie veel in NUSAS kon uitrig nie. Ek self was een van die groep Stellenbossers wat in 1934 aan die eerste A.N.S.-kongres op Potchefstroom deelgeneem het.

STELLENBOSCH VANDAG NOG SOOS VAN OUDS

Hierdie gebeure van 1933 en 1934 is nog vars in die geheue. Na 37 jaar is dit vir my heeltemal duidelik dat die verskil in benadering tussen Stellenbosch en die Noordelike studentegroepe nog veelal onveranderd gebly het tot vandag toe. Soos nou was daar toe ook reeds by Stellenbosch 'n groter bereidheid tot en behoeftie aan skakeling na buite. Lyk die huidige reaksie van die meerderheid Stellenbossers teenoor die A.S.B. nie op 'n druppel water net soos die reaksie van die meerderheid Stellenbosse studente van destyds nie?

BEN MARAIS
(Voorsitter S.V.R. 1933)

(Prof. Marais is professor in die Geskiedenis van die Christendom aan die Universiteit Pretoria. Red.)

Bemakings, Beurse, Skenkings

WYLE MEV. PETRUSA B. GROENEWALD

Die eksekuteurs van mev. Groenewald, nl. Santam Bpk., het die Universiteit meegegee dat sy die restant van haar boedel wat volgens beramings ongeveer R67 628 bedra, aan U.S. vir kankernavorsing nagelaat het.

Mev. Groenewald het in haar lewe reeds R30 000 aan U.S. geskenk. Hiervan was R20 000 bedoel vir beurse en lenings en R10 000 vir geneeskundige navorsing. Die laasgenoemde bedrag van R30 000 staan bekend as die Petrusa van Zijl-fonds. (Haar vader was mnrr. Izak van Zijl van Aties, Vanrhynsdorp.)

(Sien *Matieland*, Aug. 1970, bl. 35.)

DIE SUBLIMERING VAN LEED

Afsterwe Student J. J. Geyser ; Dept. Sielkunde

Ter nagedagtenis aan ons seun wat student was in die departement Sielkunde, het beide my vrou en ek ons testamente so laat verander dat ons nagelate boedel gelaat word aan 'n te stigte leerstoel vir Kliniese Sielkunde aan u universiteit. Die bedoeling is dat die kapitaal belê sal word onder beheer van die leerstoel en dat die rente daarop gebruik sal word vir die be-

Mnr. J. G. Pauw, streekbestuurder van Sanlam op Stellenbosch (links), oorhandig die tjek aan prof. A. J. Brink, dekaan van die Fakulteit van Geneeskunde.



vordering van navorsing of dan ook onderrig. Die bemaking is onderhewig aan die vruggebruik van die langlewende en die kapitale bedrag behoort in die omgewing van vyftigduisend rand te beloop.

Hierdie is net bedoel vir u kennisse, maar ons wil tegelykertyd ons innige dank uitspreek vir die wonderlike betekenis wat u universiteit en by name prof. A. B. van der Merwe vir ons seun gehad het, soos blyk uit die dagboeke wat hy nagelaat het.

Die uwe,

w.g. G. W. P. en H. Geyser

Nonawee 22,

Bloemfontein.

21 Mei 1971.

DIE ROY BEAMISH-BEURSE

Mnr. Roy Beamish het onderneem om van 1971 tot 1974 'n totale bedrag van R11 000 aan U.S. vir twee beurse te skenk.

Een beurs is bedoel vir studie in Geneeskunde en die ander vir Siviele Ingenieurswese. Die beurse word vanaf die tweede jaar van studie aan behoeftige studente beskikbaar gestel.

SKENKINGS

Die Universiteit van Stellenbosch het met waardering die volgende bemakings ontvang :

- R5 000 uit die boedel van wyle dr. C. R. Louw;
- R4 000 uit die boedel van wyle dr. A. L. Geyer;
- R1 700 uit die boedel van wyle mnrr. H. J. Nell.

SANLAM SE VIERDE R10 000

Die oorhandiging van die vierde paaiement van R10 000 van die skenkings van R50 000 deur Sanlam aan die Fonds vir Geneeskundige Navorsing het op 30 Augustus plaasgevind.



S.A. PERMANENTE BOUVERENIGING

Op die bygaande foto oorhandig mnr. R. P. Cluver, voorzitter van die Plaaslike Raad van S.A. Permanente Bouvereniging, 'n tjek vir R1 500 aan die Rektor. Mnr. J. A. Jooste, bestuurder van die Stellenbosse tak van die Bouvereniging, staan regs op die foto. Die skenking wat in die Rektor se kantoor plaasgevind het, is ter bevordering van Tegnologiese opleiding.

SHELL S.A.

Die Rektor van U.S., prof. J. N. de Villiers, het op 21 Junie 'n tjek ter waarde van R2 000 van mnr. J. L. S. Fourie, streekbestuurder van Shell S.A., ontvang as 'n bydrae van dié maatskappy tot die Universiteit se fondse. Die tjek is die laaste van vyf jaarlikse skenkings wat die totaal van die maatskappy se bydraes aan die Universiteit oor die afgelope aantal jare op R53 000 te staan bring.

Op die foto is prof. De Villiers (links) en mnr. J. L. S. Fourie.



CALTEX

'n Ruim skenking is onlangs deur Caltex-Olie (S.A.) Bpk., aan U.S. gedoen.

L.n.r.: Mnr. B. Sachse (Administratiewe Bestuurder van Caltex), die Rektor, prof. J. N. de Villiers, met die tjek in die hand, en mnr. E. J. Manchip (Tak-bestuurder van Caltex) in die kantoor van die Rektor.

UNITED BOUVERENIGING

Mnr. C. P. van der Merwe, bestuurder van die Stellenbosch-tak van die United Bouvereniging, het 'n tjek ten bedrae van R3 000, synde die United Bouvereniging se jaarlikse skenking, aan prof. J. N. de Villiers, Rektor van U.S., oorhandig.

V.l.n.r.: Mnr. C. P. van der Merwe, prof. J. N. de Villiers en prof. S. J. Pretorius, oud-registrateur van die Universiteit en plaaslike direkteur van die United Bouvereniging.



Uitbreiding

Bloeiente Fakulteit van Geneeskunde

Met die opening van die Akademiese Jaardag op 6 Augustus 1971 het die Rektor, prof. J. N. de Villiers, die aanwesiges soos volg toespreek :

DIE NUWE DEKAAN, PROF. A. J. BRINK

Dit is die eerste geleentheid wat ek kry om prof. A. J. Brink ampelik hartlik geluk te wens met sy aanstelling as Dekaan van die Fakulteit van Geneeskunde. Die Universiteitsraad het alreeds 'n geruime tyd geleden so besluit, maar het so pas eers verneem dat die aanstelling ook deur die Uitvoerende Komitee van die Provinciale Administrasie bekratig is. Ek weet dat dit nie maklik was vir prof. Brink om tot die besluit te kom om homself beskikbaar te stel nie, aangesien dit noodwendig sou beteken dat hy die hoofskap van die Departement van Interne Geneeskunde sou moes neerlê en nie meer so 'n aktiewe rol in die departement sou kon hê nie – hierdie departement wat hy deur die jare tot 'n spogdepartement uitgebou het. Ons is hom baie dankbaar vir hierdie opoffering want die Fakulteit het sy dienste as dekaan nodig – veral in hierdie kritieke tyd van die beplanning vir die oorskuiwing na die nuwe gebouekompleks.

Daar wag 'n groot taak ook in ander opsigte op prof. Brink. Om in die voetspore te volg van 'n persoon soos prof. F. D. du T. van Zijl is nie maklik nie, maar ons weet almal dat prof. Brink oor die nodige talente en bekwaamheid beskik. Hy het hom reeds bewys as akademikus, klinikus, navorsing, organiserend en beplanner. Ons het ook volle vertroue in sy leierskapshoedanighede.

PROF. FRANCIE VAN ZIJL

Met die heengaan van die reus, prof. Francie van Zijl, is dit miskien nou die geleentheid om terug te kyk en

'n opname te maak van wat reeds tot stand gebring is onder die dekaanskap van prof. Francie. Ek bring graag hulde aan die kragdadige leiding van prof. Francie en die manier waarop hy die Fakulteit saamgesnoer het tot een familie. Die professore en hoofde van departemente was steeds bewus dat die oë van Suid-Afrika op hul gerig was en dat hul die hoë standaarde wat van 'n Suid-Afrikaanse Geneeskundige skool verwag word, moes handhaaf ten opsigte van akademiese opleiding en wetenskaplike navorsing. Dat hulle daarin geslaag het, ly geen twyfel nie.

Die aanvanklike beperkte ruimte by die Karl Bremer-hospitaal was in werklikheid 'n bedekte seën. Dit het veroorsaak dat studentegetalle streng beperk moes word, maar dit het op sy beurt weer die geleentheid gebied vir meer persoonlike kontak tussen dosente en studente. Ons kon nog altyd spog met die feit dat elke professor iedereen van sy studente as individuiken. In die akademiese opleiding is spesiale klem gelê op die praktiese opleiding van die student. Die ortodokse formele lesings is geleidelik, waar moontlik, vervang deur geïntegreerde of gekoördineerde lesings. Navorsing is gestimuleer, nie alleenlik op nagraadsevlak nie, maar selfs op voorgraadse vlak en die geleenthede is aangegegryp deur ons voorgraadse studente. Die gehalte en inhoud van die referate wat hulle tydens die akademiese jaardag lewer, is 'n bewys hiervan. 'n Tipe student met eie inisiatief is hier gekweek – 'n eie inisiatief om 'n USKOR te stig en om vakansiewerk deur studente in buurstate te organiseer.

Wat die volume akademiese opleidingswerk betref, vind ons dat daar reeds sedert 1959 in totaal 643 grade en diplomas in hierdie fakulteit toegeken is. Hiervan was 115 nagraadse grade. Onder andere was daar 95 M.Med., 4 Ph.D.Med., en 11 M.D.-grade toegeken. Tans is daar 752 studente voorgraads en nagraads in die Fakulteit geregistreer. Hierdie getal sluit ook die studente in die paramediese dienste in.



L.n.r.: Mev. Issie van Zijl (eggenote van wyle prof. Francie), die borsbeeld van prof. Francie van Zijl, prof. J. J. W. van Zijl (chirurgie, U.S.) en broer van prof. Francie.

Die Langenhoven-Studentesentrum

Die Langenhoven-studentesentrum, wat 'n deel vorm van die Langenhoven-gedenkkompleks, sal teen R1,88 miljoen opgerig kan word. Die Langenhoven-gedenksaal sal, weens die geweldige boukoste, egter nie dadelik gebou kan word nie.

Die sentrum vir die studente sal eerste opgerig word, omdat daar 'n reusbehoefte is aan 'n ontspanningsentrum en vele ander geriewe wat veral deur die private studente ontbeer word.

Oud-Maties kan gerus 'n idee probeer vorm van 'n kombuis wat dineeën aan verskillende groepe en kafeteria-diens, plus kits-etes gelyktydig aan meer as 1 500 mense kan lewer.

Dit mag wees dat op dieselfde oomblik daar 'n 1 000 studente in die kafeteria, 'n 700 dansende dames en here, en 'n noenmaal of twee van koshuise bedien moet word. Wanneer die gedenksaal later voltooi is, mag dit wees dat nog 'n paar honderd van die 1 500 gaste die kafeteria, wat 'n maksimumkapasiteit van by die 1 500 sal hê, sal besoek.


Op die foto van die model kan u die studente se gedeelte sien. (Die dak is afgahaal.) Links bo is woongeriewe vir tydelike gaste van die Universiteit en woonstelle vir die sentrum se personeel. Verder regs is verskeie grootte onthaalsale vir 100, 200 en 300 persone. Die grootste en die kleinste hiervan is met skuifdeure verbind om nog meer te kan akkommodeer. Regs kan u die kantore vir die Studenteraad, P.S.O. en ander liggeme sien. Presies onder die kantore is die wandelgang wat van oos na wes deur die gebou loop. Dit kom van Dagbreek se kant en loop uit op die Jan Marais-plein.

In die regterhoek verskyn 'n deel van die Langenhoven-gedenksaal wat eers later gebou sal word. Die gebou kry derhalwe 'n tydelike afwerking wat as front na die suidekant kan dien.

Die grootte van die gebou kan beoordeel word, as u in aanmerking neem dat ondergronds voorsien word vir parkering vir byna 100 motors, 'n elektriese substasie, verwyderings- en ontvangsdienste vir die kombuis, ens.

Voorts word op die tweede vloer voorsien vir 'n danssaal wat 350 pare kan neem. Die trap wat u in die groot holte in die middel sien, lei tot die kafeteria wat 1 500 persone kan bedien. Die gebou sal in baie behoeftes van die privaatstudente kan voorsien.

Die model is die resultaat van letterlik 'n paar jaar se beplanning, want so 'n gebou moet artistiek en funksioneel wees – dit mag nie 'n wit olifant wees nie, maar 'n ware sentrum vir die studente.



Model van die Langenboven-studentesentrum

Met die werkstekeninge word nou vinnig gevorder en na verwagting sal in Junie 1972 tenders gevra kan word. Die bouwerk sal minstens 'n verdere jaar en 'n half neem – as alles goed gaan.

Nuwe Gebou vir Huishoudkunde

Op 15 September is die nuwe gebou vir Huishoudkunde ingewy. Die ou gebou van drie verdiepings word as addisionele ruimte vir die Administrasie van U.S. gebruik. Tot op 30/6/71 het die gebou reeds R785 000 gekos – en dit vertel 'n storie! U moet kom kyk, want van die oudste tot die nuutste apparaat is te sien, asook die kundigste en kunstigste handwerk.

Mev. Elizabeth Boshoff staan tans aan die hoof van 'n uitgelese personeel van 21 persone. Daar is dus 'n baie lang ent gevorder van die dae toe Miss Ivy van der Merwe, mens alleen, met die departement in 'n vertrek in die ou Landbougebou begin het.

Verskeie baanbrekers van die Departement is vereer deur sale na hulle te vernoem, soos die (prof.) Mattie Jooste-saal, die Miss Ivy van der Merwe-saal, die Katie Neethling Thesalet en die Nonna Rabie-saal.



Voor die hoofingang van die nuwe gebou vir Huishoudkunde

L.n.r.: Mev. E. Boshoff (Hoof van die Dept. van Huishoudkunde), prof. Matty Jooste (afgetrede professor in Huishoudkunde), mev. Theo Gerdener, prof. J. N. de Villiers (Rektor) en mev. J. N. de Villiers.

Die bydrae van R29 000 oor die jare aan die Departement van Huishoudkunde deur die Vroue-Vereniging van U.S. word erken deur 'n V.V.U.S.-lokaal vir ont-hale, en die tasbare ondersteuning van die V.L.V. deur die V.L.V.-leeskamer.

Die inwydingstoespraak is deur mev. T. J. A. Gerdener gelewer. Sy is self 'n oud-student en 'n oud-dosent van hierdie departement. Sy het veral indruk gemaak deur haar sjarmante voorkoms, helder voor-drug en die pittige boodskappe aan moeders en dog-

ters gerig: 'n vrou moet presteer as vrou en aan haarself getrou bly. Sy het die omvangrykheid van die vrou se taak en die aanpassings by moderne toestande binne en buite die huis beklemtoon.

Kursusse

Avontuuropleiding deur Militêre Akademie


MAJ. CHRIS THIRION

Die Militêre Akademie reël jaarliks avontuurkursusse vir sy onderskeie jaargroepe, o.m. met die doel om 'n onderbreking in die student se akademiese program teweeg te bring, aangesien die militêre studente nie die normale universiteitsvakansies het nie, maar vir slegs 30 dae verlof per jaar kwalifiseer. Verder is die doel

van avontuuropleiding om die student aan moeilike, soms uiterste, fisiese omstandighede te onderwerp en sy aanpassingsvermoë te beproef, asook om aan hom mooi dele van sy vaderland te wys wat andersins vir hom ontoeganklik is. Feit is ook dat onder moeilike omstandighede ware kameraadskap gekweek word.

So gebeur dit dan dat die kandidaat-offisiere gedurende hul opleiding aan die Militêre Akademie by geleentheid in die Sederberge, Swartberge (Die Hel),

L.n.r.: AO1 G. Erasmus, maj. Thirion, brig. M. A. Malan, kol. J. D. Potgieter.



die Visriviercanyon in S.W.A. of die Knysnabosse beland. Vir die duur van so 'n oefening word enigets tussen 80 en 160 km afgelê terwyl die manne selfvoorsienend moet wees en boonop alle slaap- en ander kampuitrusting in die rugzakke moet saamkarwei.

Die idee is dat die oefeninge – en derhalwe die terrein – van die eerste tot die derde jaar steeds moeiliker moet word. Met hierdie doel voor oë het die vier personeellede van die Akademie, insluitend niemand minder nie as die bevelvoerder, brig. M. A. Malan (ten spye van 41 somers agter die rug), 'n verkenningstaptoeg deur die Namibwoestyn onderneem op soek na 'n nuwe oefenterrein waar die derdejaars van 1972 die geleentheid sal kry om te toon of daar nog murg in die pype van die Suid-Afrikaanse soldaat is.

Die viermanskap, brig. M. A. Malan, kol. J. D. Potgieter, maj. C. R. J. Thirion en Aor G. A. Erasmus, het die Namib gedurende Augustus aangedurf, van Sossusvlei in 'n wes-suidwestelike rigting beweeg en die see na drie dae by Sylvia Hill bereik. Nodeloos om te sê dat dit drie onvergetelike dae in die lewe van elk van hierdie offisiere was. Oor baie insidente word ligweg gekorswel, maar oor een aspek van die baanbrekerstaptoeg is die vier man dit roerend eens – die Namib is nie 'n plek vir swakkelinge nie.

Toe hom gevra is hoe die Namib lyk, het kol. Potgieter net geglimlag en gesê: „Ek weet nog nie mooi hoe die Namib lyk nie, maar ek weet presies hoe 'n paar van my makkers se hakke lyk!“

„Daar gaan ons die werklike manne onder hul maats uitvang,“ is maj. Thirion, wat volgende jaar die leier van Oefening Namibia sal wees, se kommentaar. Om sy liefde vir dié onherbergsame gebied te ondersteep, haal hy Henno Martin aan: „The Namib has many faces, some of them forbidding and cruel, some of them beautiful; all of them fascinating.“

NUWE KURSUS IN LANDBOU-BESTUUR

Die Universiteitsraad het die instelling van 'n spesiale kursus in Bantoereg en -administrasie met ingang 1972 goedgekeur. Die vak word as alternatiewe keuse teenoor Openbare Administrasie I in die eerste jaargang van die kursus B. in Landboubestuur gestel. Dit sluit 'n studie van die volgende in:

- (a) Sosio-politieke en ekonomiese agtergrond van die Bantoe,
- (b) Owerheidstruktuur vir en administrasie van die Bantoe,
- (c) Die Bantoe in die Landbou.

BESPROEINGSINGENIEURSWESE

Prof. O. Wipplinger, tans professor in Siviele Ingenieurswese, is met ingang 1 Januarie 1972 aangestel as professor in Besproeingsingenieurswese. In 1953 het hy die graad D.Sc. (Ingenieurswese) aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf.


Vanaf 1935 tot 1967 was hy in die Staatsdiens werkzaam as ingenieur, hoofsaaklik in Suidwes-Afrika.


Prof. Wipplinger is lid van die S.A. Raad vir Professionele Ingenieurs, die Waterbeplanningskomitee vir Wes-Kaapland, die S.A. Komitee vir Groot Damme en die Advieskomitee vir Hidrouliese Navorsing van die W.N.N.R.

Besproeingsingenieurswese is 'n nuwe nagraadse studierigting in die Departement van Siviele Ingenieurswese.

'n Hele aantal dosente uit die Fakulteite van Ingenieurswese en Landbou sal by die nuwe kursus betrek word. Dit sal die eerste nagraadse kursus in hierdie veld in Suid-Afrika wees en sal 'n belangrike behoeftte bevredig. Die kursus sal lei tot die grade M.Ing. en Ph.D. (Ing.).

Prof. D. Wipplinger





Op die trapmeul

NUWE KURSUS IN GEMMOLOGIE

Die Universiteit van Stellenbosch en De Beers Consolidated Mines het aangekondig dat 'n kursus in Gemmologie aan U.S. ingestel is. Die kursus is die eerste van sy soort in S.A. en sal in 'n behoefte voldoen wat lank reeds bestaan.

Kursusse wat sal lei tot 'n diploma in Gemmologie sal met ingang 1972 aangebied word. Kursusse in diamantgradering en kort inleidende lesings oor Gemmologie sal jaarliks vanaf 1972 in verskillende sentrusse in die R.S.A. aangebied word. Die kursus word ingestel met goedkeuring van die diamanthandel.

Die U.S. spreek sy dank teenoor De Beers Consolidated Mines uit vir hul finansiële steun en aanmoediging wat die instelling van die kursus moontlik gemaak het. Die kursus sal 'n waardevolle bydrae

lewer tot die kennis van diamante wat uiteindelik die koper sal bevoordeel.

OPDRAAND OP DIE TRAPMEUL

Pieter Coetze hardloop hier op die foto op 'n nuwerwetse „trapmeul”, 'n bewegende band waarvan die helling (redelik opdraand in hierdie geval) en die snelheid waarmee dit draai, albei verstelbaar is.

Terwyl die atleet hardloop, word sy asemlug opgevang en sy hartsnelheid geregistreer. Op hierdie manier kan prof. Frikkie Thiart van die Dept. van Liggaamlike Opvoedkunde van U.S. noukeurig vasstel wat die atleet se suurstofverbruik en hartsnelheid by verskillende werkladings is. Dit gee 'n goeie aanduiding van die persoon se uithouvermoë en liggaamlike fiksheid.

BEROEMDE ORRELIS GEE KURSUS OP STELLENBOSCH

Die gevierrede Duitse orrelis, Karl Hochreither van Berlyn, het Stellenbosch van 17-24 September as gas van die Konservatorium vir Musiek van die Universiteit van Stellenbosch besoek. Gedurende sy verblyf het hy o.a. 'n uitvoering op die orrel van die Lutherse kerk gegee en die komposisie-tegniek van Messiaen in 'n openbare voorlesing behandel.

Wat sy besoek egter besonder waardevol gemaak

Hierdie foto toon mnr. Hochreither besig om aspekte van orreltegniek aan studente te verduidelik.





het, is die kursus in orrelspel wat hy aan studente van die Konservatorium en beroepsorreliste gegee het. Die kursus het daagliks onderrig in die tegniek van orrelspel sowel as lesingdemonstrasies oor die interpretasie van orrelwerke van Bach en moderne komponiste behels.

TENTOONSTELLING IN JOHANNESBURG

Gedurende die week 16–22 Augustus het die Universiteit van Stellenbosch deelgeneem aan 'n tentoonstelling in Johannesburg oor Opleiding en Loopbane. Die tentoonstelling is gedurende die week besoek deur die Administrateur van Transvaal, Sy Edele S. G. J. van Niekerk en mev. Van Niekerk, by welke geleentheid mnr. A. J. Esterhuyse, Assistent-Direkteur van Ontwikkeling, aan hom 'n Gedenkboek van die Uni-

L.n.r.: Sy Ed. S. G. J. van Niekerk, mnr. A. J. Esterhuyse en mev. Van Niekerk.

versiteit as geskenk oorhandig het. Mev. Van Niekerk het tydens hulle besoek aan die Matiestalletjie besondere waardering gehad vir die metaalwerk van die Departement van Beeldende Kunste wat vertoon was

In Gesellige Luim

Dagbreek Vier Halfeeu fees: 1921-1971

Die nawek van 24/26 September is op Stellenbosch gekenmerk deur die feesviering van Dagbreek, die oudste koshuis op Stellenbosch. (Wilgenhof is as instelling ouer, maar die huidige koshuis is 'n betreklik nuwe gebou.)

Reeds met die laat-namiddagontaal in Dagbreek was die eetsaal so vol oud- en huidige inwoners dat die gaste met 'n skuifgang beweeg het om by die swaar belaaide tafels (geen „hongerly” nie) te kom. Die nuwe huiswapen is toe onthul deur oud-primarius Piet Lombard.

Die rugbybotsings van die aand was 'n reusesukses. Die pawiljoen was, ondanks die vakansie, gepak met 'n paar duisend toeskouers. Prof. Bun Booyens was die

HONGERLYERS

Dit lyk of die vroeë dae se manne baie meer ongedissiplineerd was as vandag s'n. Kyk hoe deurmekaar staan hulle. Plaas asb. 'n lineaal vertikaal en skuif dit stadig l.n.r. om die name te kry. Al die titels word weggelaat want dit is te veel! J. H. Kritzinger, Dick Webb, G. Hansmann, Gert Roux, Dirk Swart, J. D. J. Hofmeyr, ? Botma (onder), C. D. Marx (boonste), J. C. Swart, Mike Pienaar, Chris Liebenberg (boonste), Charlie Gronum (onder), Sampie Froneman, Gerrit Bruwer (boonste), Cecil Raubenheimer (onder), Eben Greyling, Sam de Kock, Hansie Kruger, Daantjie Moolman, Lepel du Toit, A. P. G. Söhnge, ?, C. G. Hall (onder), Wynand Malan, Leo Boonstra.



OUD-PRIMARII VAN DAGBREEK

Agter: L.n.r.: Christo Botha, Daantjie Moolman, Eben Greyling, Piet Lombard, John Vorster (Onder-prim.), Charlie Gronum, Buks Fouché, David Pepler. Voor: Thys Smit, Maans van Lill, Bethel Muller, Ernst Lombard, Tertius Delport, Willie Esterhuyse.




DIE LAASTE SPANPRAATJIE

Die laaste spanpraatjie: Herman van Niekerk (regs) probeer so waar vir Dawie de Villiers vertel hoe hy dit moet doen!



Pa's met seuns in Dagbreek. Die Pa's (in die agterste ry en die seuns voor hulle) van l.n.r.: Lepel du Toit, Paul en sy broer; Wynand Malan, Danie en sy swaer F. Vorster; ?Smit en Ben; ?Nortier en Lollie; Japie Louw en Japie; Fanie le Roux en Hannes; ?Pistorius en Gustav; John Vorster en Pieter; Christo Botha en Christo; Willem Barnard en Christof; Hansie Kruger en Willem.



skeidsregter vir die tweede spanne van oud- teenoor huidige Dagbrekers. Die toeskouers wou weet : „Watter kant speel Oom Bun?” en het op kritieke oomblikke geroep : „Keer hom, Oom Bun!” Nogtans het die jongspan 8–6 gewen.

Die hoofwedstryd was 'n botsing van groot manne o.l.v. Dawie de Villiers (Springbokkaptein 1970 na Engeland). Nog sewe provinsiale en ander spelers het hom ondersteun. Kaffer de Waal was op sy stukke en langdurig was die toejuiging toe Dawie dertig tree nael en Thys Smit van heelagter op volle vaart insny, die bal van Dawie ontvang en gaan druk. Maar Dawie het treë deur die lug getrek soos 'n „onrespekvolle” jong Dagbreker hom geduik het. Uitslag : Ou manne wen 18–16. In *Die Burger* het 'n mooi verslag van die wedstryd verskyn uit die pen van „'n onpartydige Wilgenhoffer”!

Om 10.00 die aand het die rumoerige huisvergadering begin o.l.v. die premier, dr. B. J. Vorster, wat vir die naweek primarius was. 'n Nuwe Matie-kleurbaadjie met 'n Dagbrekwapen is aan hom deur die huidige Dagbrekers geskenk. Hy het dit dadelik aangetrek.

Vier oud-Dagbrekers van 1921 was teenwoordig, nl. oud-appèlregter C. G. Hall, ds. Jac. Conradie, dr. Eben Greyling en prof. J. D. J. Hofmeyr. Elkeen het 'n kort boodskappie gebring aan die Dagbrekers wat letterlik uit al vyf provinsies teenwoordig was.

Die groot mosie wat deur Dawie de Villiers en



Die nuwe wapen van Dagbreek

GEEN HONGERLY NIE !

Kyk hoe help (l.n.r.) Dewald Strydom en Paul Geertsema (eerstejaars natuurlik!) vir (regs na links) Christie Pretorius en Hugo Malherbe!





KAMMIES VAN 1940


L.n.r.: Koekjan de Villiers, Jan de Villiers, Daantjie Moolman.



Die drie Dagbrekers, vereer met boeke: Prof. J. N. de Villiers (Rektor), dr. B. J. Vorster (Kanselier) en die ere-Dagbreker, dr. J. S. Gericke (Visekanselier).

TYDGENOTE IN DAGBREEK

L.n.r.: Frans van der Merwe, Bakka Viljoen, Jan Schabot, Piet Lombard, Giel Malherbe, Joël van Wyk, Jat du Toit, Wouter Hanekom.



Kaffer de Waal ingedien is, was : „Hierdie huis oorweeg die instelling van 'n huisland vir Dagbrekers in Transvaal.” Hier het Dawie op 'n onverbeterlike manier die spreekstyl van die agerende primarius nageboots in perfekte mimiek en dodelike erns, wat met elke tweede sin of frase deur skaterbuie onderbreek is. Dit is deur die vergadering as „praktiese politiek” aanvaar om Pretoria daarvoor af te sonder, dewyl reeds so baie Dagbrekers daar woon.

Japie Basson (L.V. Bezuidenhout) het 'n waarderende mosie aan die agerende primarius gesekondeer. Hy meen die parlement is 'n goeie huisland vir oud-Dagbrekers, *want met hom*, is 'n aansienlike deel van die Opposisie ook teenwoordig.

Op die Saterdagaand, tydens die pouse, is drie versierde gedenkboeke van *Dagbreek 1921–1971* aan drie uitgelese oud-Dagbrekers oorhandig. Die Universiteitsteater het „The Double Face of Love” opgevoer.

Die inskrywing in dr. B. J. Vorster se blou boek (*Dagbreek se kleur*) lui : „Met waardering aan Oud-Dagbreker John Vorster, Kanselier van die Universiteit van Stellenbosch, van sy mede-Dagbrekers.”

Tweedens is dr. J. S. Gericke vereer met 'n Matrooi boek waarin staan : „Met waardering aan Oom Kosie Gericke, Vise-Kanselier van die Universiteit van Stellenbosch, en vir hierdie naweek 'n Ere-Dagbreker.” (Dr. Gericke is 'n oud-Wilgenhoffer.)

Die Rektor is ook met 'n rooi boek soos volg vereer : „Met waardering aan prof. Jannie de Villiers, *dé Dagbreek-eerstejaar* wat Rektor van die Universiteit van Stellenbosch geword het.”

Sondagoggend was 'n groot blok Dagbrekers teenwoordig in die „Studentekerk” waar oud-Dagbreker, prof. E. P. Groenewald, die diens gelei het.

By die middagete het die hoofkelner, Tommie, wie se vader ook by Dagbreek in diens was, sy basies oor die mikrofoon toegesing : Lank sal hulle lewe! Geen wonder dat daar talle „blare” in die fooitjiehoed gegooi is nie.

Die slotbedanking is deur dr. Eben Greyling gedoen. Hy het o.a. gesê dat hy nog dieselfde Christelike en nasionale beginsels van 1921 hier aangetref het. Die kern staan nog gesond op Stellenbosch – die stert sal nie die hond swaai nie. Die 50 jaar wat verby is, was 'n tyd van genade van God aan die Universiteit.

Baie lof is aan die huidige inwoners gebring vir ongerief wat hulle moes verduur om die ou manne te huisves.

Suidelike Rektore

Die rektore en hulle eggenotes van opponerende universiteite – veral met Intervarsity – maar hier is hulle gemoedelik byeen na afloop van die uitvoering deur die Universiteitskoor van Stellenbosch in die plaaslike stadsaal op 5 Junie 1971.

L.n.r.: Prof. J. N. de Villiers, mev. De Villiers, mev. Luyt met 'n program in die hand en sir Richard Luyt van die Universiteit Kaapstad.





Eerste President van 'n Afrika-staat Besoek Matieland

L.n.r.: Mnr. R. P. Conradie (Registrateur Akademies), dr. H. Muller (Minister van Buitelandse Sake), mnr. Frans Conradie (L.U.K.), Sy Eksellensie dr. Banda, prof. J. N. de Villiers (Rektor) en prof. J. C. de Wet. In sy regterhand hou pres. Banda sy ivoor-kierie en in sy linker die seremoniële vlieëslaner met ivoor-handvatsel. Pres. Banda het in sy toespraak gesê dat dit vir hom iets besonders is „to visit the cradle of the Afrikaners“ en toe die woord c-r-a-d-l-e uitgespel.

Op 17 Augustus 1971 het die president van Malawi, dr. K. Banda, die Universiteit van Stellenbosch besoek. Hy het die senior dosente en die studente in die H. B. Thom-teater toegespreek.

Die Universiteitskoor in S.W.A.

p.a. Staatshospitaal,
Oshakati, S.W.A.

13/6/71.

Beste Nick,

Baie dankie vir jou telegram wat die inenting van die koorlede bevestig, asook die registrasienommers van die voertuie waarmee die koorlede gaan reis, verskaf.

Ek kan net meld dat die owerhede by Ongwediva-Opleidingskollege, sowat 5 myl vanaf Oshakati, so gaaf was om die Ontspanningsaal vir die koor beskikbaar te stel vir die optrede voor die blanke gehoor Maandag aand 5 Julie. Dit is 'n mooi moderne saal met goeie akoestiek. Die aantal sitplekke is nog onseker, aangesien die saal onlangs eers voltooï is en los stoele ingeplaas sal word.

Ek sou baie graag van hierdie geleentheid ook gebruik maak om bietjie nuus aan die Redakteur van

Matieland oor te dra. Wees so vriendelik en deel hom die volgende mee :

Die lank beplande „Intervarsity” tussen die oud-Maties en oud-Tukkies het toe uiteindelik 'n „Intervarsity” tussen die Suidelike en Noordelike Universiteite geword. In dié opsig was ons slegs bevoordeel deur twee oud-Ikeys by ons oud-Matie-geledere.

Die botsing het vanaf 1 tot 5 Junie plaasgevind en op hoë noot begin met „volley-ball” – wat teen die verwagting in deur die Suidelike Universiteite gewen is.

Die Suidelike Universiteite het uiteindelik die reeks met 10-4 gewen deur die volley-ball, brug, pyltjies, snoeker, gholf, swem, skaak, „Donkey-derby”, krieket en „boat-race” te wen. Die tafeltennis, skyfeskiet, dambord en tennis is gewen deur die Noordelike Universiteite.

Die week se kapperjolle is afgesluit met 'n groot vleisbraai die Saterdagavond. Dit was so 'n sukses en het in so 'n goeie gees plaasgevind dat dit nou 'n jaarlikse instelling gaan word.

Die grootste verrassing van die hele Intervarsity was dat Suidelike Universiteite aanvanklik punte oorgegee het vir krieket, aangesien daar net 3 krieketspelers in ons geledere was. Daar is later besluit dat man en muis die kolf gaan opneem en ons gaan krieket speel – wat wou punte oorgee! Daar wen Suidelike Universiteite toe die krieket. Die dae van wonders is dus glad nie verby nie.

Namens al die oud-Maties van Oshakati groete aan u almal, en ons sien baie uit na die koor se kuiertjie by ons.

Baie groete,
w.g. Frans Smit.

Bestaande brief is deur dr. Frans Smit van die Staatshospitaal in Owambo (S.W.A.) aan mnr. Nic de Klerk van die Departement van Ontwikkeling gerig.

Ons plaas die volledige brief sodat ons lezers 'n kykie kan kry op die werk agter die skerms, waarmee besielde oud-Maties dienste lewer waarvoor hulle Alma mater immer dankbaar bly.

Baie dankie, dr. Smit, dat u ook aan die Redakteur van *Matieland* gedink het.

Uit verskillende orde het briewe met die sprekendste lof gekom vir die optrede van die Universiteitskoor

Fisiiese Chemici Presteer

Die toekenning van oorkondes en goue medaljes deur die Afrikaanse Springstowwe en Chemiese Nywerhede vir 1970 is op 5 Augustus gesamentlik aan prof.

M. J. de Vries (regs) en dr. W. J. Engelbrecht (middel) deur dr. J. F. Preston (Vise-president van die S.A. Chemiese Instituut) oorhandig vir referate in die joernaal van die Chemiese Instituut gepubliseer.





in S.W.A. Hulle was op 5 Julie op Oshakati waar hulle ook voor die Owambo's opgetree het. *Die Kommissaris-generaal van Owambo*, mnr. J. de Wet, ook 'n oud-Matie, het o.a. in 'n brief aan die Rektor geskryf :

„Hierdie uitvoering voor die Owambo's het beslis bygedra tot die bevordering van goeie verhoudinge tussen hierdie inboorlinge en die R.S.A.”

Lewensblyheid en goeie gedrag

Ds. Dave Beyers van Oshakati, self 'n oud-koorlid, skryf (12/7/71) o.a. aan die Rektor :

„Hulle uitstekende program, saam met die hoogs professionele wyse van aanbieding, was sielsvoedsel. Daarbenewens is ons baie beïndruk deur die studente se goeie gedrag en jong, maar gesonde lewensblyheid. Die invloed van mnr. en mev. McLachlan is duidelik te bespeur.”

'n Owambo-hoofman se mening

„Ek is gevra om 'n woord van dank uit te spreek, maar ek moet sê dat ek nie woorde het nie. Ons het eendag 'n vergadering gehad waar iemand gevra is om ook 'n woord van dank uit te spreek. Daardie persoon het slegs opgestaan en gesê : 'Ek het nijs om te sê nie, want alles was goed . . . Mag die Almagtige God u ryklik seën en ons wens u 'n voorspoedige reis toe.'”

Konferensie van Skoolhoofde

Van 2 tot 6 Augustus vanjaar het heelwat meer as 'n honderd hoofde van omliggende skole gekonfereer oor en voorligting oor hulle take as skoolhoofde in die G. G. Cillié-gebou vir Opvoedkunde ontvang.

Die foto's is geneem tydens 'n skemerontstaal deur die Rektor in die H. B. Thom-teater aangebied. Volgens die ontspanne gesigte het hierdie deel van die hoofde se verantwoordelikhede nie swaar op hulle gerus nie. L.n.r.: Mnr. M. J. Olivier, rektor Opleidingskollege Wellington; mnr. J. Cawood, senior lektor, Fakulteit van Opvoedkunde, U.S.; mej. I. van Rooyen, prinsipale, Opleidingskollege Denneoord; prof. J. N. de Villiers, rektor U.S.; mev. J. Grobbelaar; dr. J. Grobbelaar, inspekteur van onderwys, Stellenbosch; prof. C. F. G. Gunter, dekaan, Fakulteit van Opvoedkunde, U.S.

Oud-Maties

Die Konvokasie

NOTULE VAN DIE GEWONE
VERGADERING VAN DIE KONVOKASIE
VAN DIE UNIVERSITEIT VAN
STELLENBOSCH, GEHOU IN DIE
H. B. THOM-TEATER OP DONDERDAG,
10 DESEMBER 1970, OM 7.00 NM.

Aanwesig

Mnr. J. J. Albertyn, mev. M. H. Andrag, ds. R. G. Andrag, mev. D. E. Barry, mnre. R. L. Barry, C. A. Beukes, W. J. C. Boonzaier, prof. B. Booyens, mev. J. S. Booyens, mnre. C. F. Booysen, H. S. Bosman, A. G. Botha, J. A. Brink, A. J. P. Burger, mev. M. M. Burger, mnr. P. M. H. Calitz, proff. G. G. Cillié, S. P. Cilliers, mnr. S. J. H. Claassens, dr. D. J. Conradie, mnr. R. P. Conradie, mev. S. C. Conradie, ds. W. S. Conradie, dr. J. J. Cruywagen, mnre. J. S. Davel, H. P. Dekker, mev. L. C. Dekker, dr. Anna J. D. de Villiers, prof. D. W. de Villiers, mev. J. H. de Villiers, proff. J. L. de Villiers, J. N. de Villiers, mnr. J. R. B. de Villiers, proff. O. T. de Villiers, P. C. de Villiers, ds. G. de Vos, proff. M. J. de Vries, A. F. de Wet, mnre. D. G. du Plessis, T. R. J. du Plessis, D. du Preez, B. J. du Toit, ds. P. du Toit, mnr. A. J. Esterhuyse, prof. E. P. Groenewald, ds. J. W. Hanekom, mnr. D. C. Hauptfleisch, mev. H. M. Jordaan, prof. P. G. Jordaan, mnr. C. J. Joubert, proff. J. M. Joubert, W. E. Kassier, mnre. J. D. Kies, H. A. Kotzé, prof. G. J. R. Krige, mev. F. M. Laurie, mnre. M. H. Lazarus, P. J. Lombard, G. S. Louw, dr. M. S. Louw, mnr. A. J. Lubbe, prof. F. E. J. Malherbe, mnr. G. H. Malherbe, mev. M. S. Malherbe, mnre. W. D. Marais, N. G. Maritz, J. H. Momberg, proff. W. L. Mouton, J. J. Müller, dr. L. M. Muntingh, mnr. L. J. Murray, mev. M. E. Murray, mnre. G. Nieuwoudt, D. J. Nolte, prof. F. F. Ondendal, mnre. H. F. O'Kennedy, C. Olivier, J. R. Olivier,

J. S. Olivier, J. J. Oosthuysen, F. C. Palm, D. J. Potgieter, J. E. Potgieter, mev. J. M. Potgieter, dr. Lettie Pretorius, proff. S. J. Pretorius, W. J. Pretorius, mnre. H. O. Reuter, B. Rode, prof. E. F. C. H. Rohwer, dr. W. L. Roos, mnr. O. G. Scholtz, prof. D. E. W. Schumann, dr. T. E. W. Schumann, mnr. A. A. Slabber, mev. H. M. Smit, mnr. J. N. Smit, mev. M. Smit, mnr. A. Stadion, mev. A. H. Stofberg, mnre. T. C. Stofberg, C. J. Swanepoel, F. H. Swart, prof. J. C. Swart, mnr. A. J. Theron, prof. B. F. Thiart, mnre. L. M. Toerien, A. J. van Aarde, mev. H. D. van Aarde, prof. F. J. van der Merwe, mnre. F. J. van der Merwe, P. J. van der Merwe, W. H. van der Merwe, prof. W. M. van der Westhuizen, mnre. P. M. van Heerden, H. G. van Niekerk, mev. D. M. J. van Vuuren, dr. J. C. J. van Vuuren, mnre. C. R. Venter, H. C. Viljoen, A. R. Wilke, H. J. Zietsman.

In die lig van die afwesigheid, weens ongesteldheid, van die President van die Konvokasie, prof. C. G. W. Schumann, word prof. G. G. Cillié eenparig deur die vergadering tot voorsitter verkies. Alle aanwesiges word hartlik welkom geheet deur die Voorsteller.

Op versoek van die Voorsitter open prof. E. P. Groenewald die vergadering met gebed.

Die Sekretaris lees die gedrukte kennisgewing waardeur die vergadering byeengeroep is, waarna die Voorsitter die vergadering as behoorlik gekonstitueer verklaar.

Die notule van die vergadering van 11 Desember 1969 word goedgekeur en deur die handtekening van die Voorsitter bekratig.

Meegevoel met nabestaandes van afgestorwe lede

By monde van die Voorsitter betuig die vergadering staande meegevoel met die nabestaandes van lede van die Konvokasie wat sedert die vorige vergadering heengegaan het.

Verkiesing van President

Die President van die Konvokasie, prof. C. G. W. Schumann, word eenparig as President herkies vir 'n verdere termyn van twee jaar.

Die Voorsitter spreek namens die vergadering sy gelukwense uit teenoor prof. Schumann, asook sy dank aan prof. Schumann vir sy beywering vir die saak van die Universiteit en die Konvokasie.

Beplanning aan die Universiteit

Die Rektor, prof. J. N. de Villiers, lewer 'n uiteensetting van die beplanning wat aan die Universiteit gedoen word om die kennisontploffing en toenemende studentegetalle die hoof te bied. In dié verband verwys hy veral na die nuwe Afdeling Beplanning wat aan die Universiteit geskep is, asook na die geesdriftige ondersteuning wat die gedagte om binne die eersvolgende drie jaar 'n gedetailleerde ontwikkelingsplan vir die Universiteit op te stel, van die Senaat en die Raad ontvang het.

Geleenheidstoespraak - dr. M. S. Louw

Dr. M. S. Louw, een van die groep lede van die Konvokasie wat vóór 1925 aan die Universiteit gestudeer het, lewer 'n kort geleenheidstoespraak. Hy verwys o.a. na die belangrike rol wat oud-studente van die Universiteit op politieke, kulturele en ekonomiese gebied gespeel het. Verder verwys hy na die Eeufeesfonds van die Universiteit wat reeds die R4,7 miljoen-peil bereik het en nou afgesluit word. Hy vra die daadwerklike steun van alle oud-studente vir die nuwe Ontwikkelingsfonds wat in die plek van die Eeufeesfonds in die lewe geroep is.

Onbestrede voorstelle van gelukwense

Onbestrede voorstelle van gelukwense aan 'n groot getal persone i.v.m. onderskeidinge wat hulle te beurt gevall het, word aangeneem.

Die vergadering verdaag om 8.14 nm.

Datum

President

ONGENOTULEER :

Die Groot Gesels het van 8.20 tot 11.30 nm. in die ontspanningsaal van Wilgenhof geduur!

Kennisgewing

Die volgende vergadering van die lede van die Konvokasie van die Universiteit van Stellenbosch vind

plaas op Donderdagaand, 2 Desember 1971, om 7.00 nm. in die H. B. Thom-teater. Vriende(-inne) en belangstellendes is ook welkom.

Die Sekretaris.

ONDERHOOF VAN DIE M.N.R.

Dr. Jan de V. Lochner is aangestel as heetydse ondervoorsitter van die Mediese Navorsingsraad. Die voorstitter is prof. A. J. Brink, dekaan van die Fakulteit van Geneeskunde van U.S.

Dr. Lochner is in 1937 op Vredenburg gebore. In 1964 het hy die graad D.Sc. (fisiologie) en in 1967 die M.B. Ch.B. (cum laude) aan U.S. behaal. Sedert 1969 is hy verbonde aan die Departement van Interne Geneeskunde van U.S.

Sy eggenote, dr. Amanda (Claassens), het haar D.Sc.-graad ook in 1964 behaal.

(Sien foto in *Matieland*, Desember 1967, bl. 28.)

VOORSITTER NASIONALE PERS

Dr. Phil. Weber is aangewys as die nuwe voorsitter van die Nasionale Pers Bpk. Hy volg die uitgetrede voorsitter, mnr. Recht Malan, op.

DIE PRESIDENT VAN DIE KONVOKASIE VEREER

Op 16 Augustus is 'n borsbeeld van prof. C. G. W. Schumann in die H. F. Verwoerd-gebou onthul deur dr. P. E. Rossouw (regs), voorsitter van F.V.B.



DIE VIERDE VOORSITTER VAN W.N.N.R.

Dr. C. v. d. M. Brink is benoem as opvolger van dr. S. Meiring Naudé. Hy was sedert 1967 die ondervoorsitter van die W.N.N.R., en sedert 1970 adjunkvoorsitter. Hy is van Piketberg afkomstig en het aan U.S. die B.Sc.- en M.Sc.-graad met lof behaal. Sy doktorsgraad is te Pretoria behaal.

OUD-MATIES OP POTCHEFSTROOM

Mnr. F. J. Kok (Stell. 1938-'41) is as Adjunk-direkteur Voorligting van die Hoëveldstreek aangestel.

Mnr. J. H. Preller (Stell. 1928-'33) is as Assistent-direkteur Navorsing van die Hoëveldstreek aangestel.

Mnr. J. D. Basson (Stell. 1940-'44) is ook as Assistent-direkteur Navorsing van die Hoëveldstreek aangestel.

S.A. AKADEMIE EN F.A.K.

Die volgende oud-Maties word hartlik gelukgewens met hulle verkiesing en/of herverkiesing in ondergenoemde besture :

S.A. Akademie

Voorsitter van die Raad : Prof. H. L. de Waal.

Ondervoorsitter van die Raad : Regter Victor Hiemstra.

Lid van die Raad en van die Fakulteitsraad vir Wetenskappe : Prof. G. G. Cillié.

F.A.K.-Hoofbestuur

Proff. G. G. Cillié en F. C. Fensham.

D R. P. W. V O R S T E R

Dr. Piet W. Vorster het op 30 September 1970 afgestree as Sekretaris van Landbou-tegniese Dienste. Hy het in 1926 as student op Stellenbosch ingeskryf en in 1931 die M.Sc.-graad in Landbou met lof behaal. In 1941 het hy die D.Sc.-graad behaal. Van 1930 tot 1945 was hy lektor-navorser aan die Stellenbosch-Elsenburg-Landboukollege. In 1958 is hy in sy laaste pos aangestel. Vanselfsprekend het hy in belangstelling en vanweë sy werk nog veel met die Fakulteit van Landbou van U.S. te doen gehad.

Uit erkentlikheid het die Fakulteit van Landbou aan hom 'n pragtige fakulteitsoorkonde feestelik op 10 September oorhandig.

V Y F B R O E R S S K R Y F D R. V O O R H U L L E N A M E

Mev. Kate van der Merwe, tans van Humansdorp, se vyf seuns het almal hulle studentejare op Stellenbosch begin. *Dr. Dep* (45) is tandarts op Humansdorp, *dr. Hardy* (48) is senior lektor in opvoedkunde aan U.P., *dr. Jannie* (50) is medikus in Johannesburg, *dr. David* (onlangs oorlede (52)) was medikus op Ventersdorp en so pas het *dr. Koos* (55) (tegniese direkteur by Vereeniging Consolidated Mills) die graad D.Sc. (Agric.) te U.P. ontvang.

Hulle oorlede vader, mnr. Polaai van der Merwe, was tot sy dood in 1952 'n boer van Calvinia.

V E R E N I G I N G V A N S O S I O L O Õ E V A N S U I D E R - A F R I K A

Prof. S. P. Cilliers van U.S. is tot voorsitter van die nuutgestigte vereniging gekies tydens die eerste kongres wat te Lourenço Marques gehou is.

F R A N C I E V A N Z I J L - M E D A L J E

Dr. J. J. van der Walt van die Dept. Anatomiese Patologie het die Francie van Zijl-medalje verower vir die beste referaat gelewer tydens vanjaar se Akademiese Jaardag van die Fakulteit van Geneeskunde.

P R O F. K R Ö G E R T R E E O P I N B U I T E L A N D

Prof. D. Kröger, professor in Werktuigmindige Ingenieurswese aan U.S., het die *Thomas Price Award* van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Meganiese Ingenieurs vir die publikasie „Thermal resistance due to the presence of gas during condensation“ ontyng.

Later in die jaar het hy referate oor bogenoemde onderwerp by 'n internasionale simposium te Haifa (Israel) en by 'n internasionale seminaar oor warmteen massaordraging in Trogir (Joegoe-Slawië) gelewer.

Prof. J. J. Loubsler (B.A. en M.A. (Stell), albei met lof), is as hoogleraar in Sosiologie aan U.K. aangestel. Hy het sy doktorsgraad te Harvard verwerf. Sy eggenote, Annaline (Lubbe), is ook 'n oud-Matjie.

S.A.O.U.

Dr. M. S. Grundlingh van die Opleidingskollege Oudtshoorn is gekies tot voorsitter van die S.A.O.U. in die plek van *mnr. J. P. Bekker* die uitgetredene,

wat egter as gewone bestuurslid aanbly. *Mnr. P. M. Schreuder* is tot ondervoorsitter gekies.

OUDSTE MATIE NOORD VAN DIE VAAL?

Daar is soveel oud-Maties noord van die Vaal (amper het ons gesê: noord van Simonsberg) dat daar reeds kwaai mededinging is oor wie die oudste kronologies en wie die oudste akademies is.

Wie kan dr. Jack (John Edward) Holloway, gebore 4/7/1890, klop? Kort op sy hakke volg dr. Christiaan Frederik Krige, gebore 28/6/1893, tans van Tiber Mansions, Rosebank, Johannesburg. Hy is 'n seun van Oom Japie (Home) Krige en die laaste oorblywende peetkind van sy generaal-oom, Christiaan Frederik Beyers. Dr. Krige was 1910-1912 op die ta-Matielandse akker.

Mnr. Charl Louw (B.Sc. Agric.) is as die nuwe hoof van die landbouskool Oakdale op Riversdal aangestel.

Dr. J. G. Louw van Alkantrant, Pretoria, het op 1 Mei vanjaar met pensioen uit diens getree.

VROUWE-LANDDROS

Mej. Emma Pansegrouw, B.A. LL.B. 1969, voorheen aanklaagster in Bellville, is tot landdros bevorder. Sover vasgestel kan word, is sy die enigste vroue-landdros in Kaapland.

HARTLIK

„Ons harte is nog steeds met u op Stellenbosch.” – *Ds. W. A. en mej. S. C. J. Fourie*, Windhoek.

Ja, Dominee, so ook van hierdie kant af, want „Waar oud-Maties is, daar is ook 'n deel van Stellenbosch!”

'N VERGEET-MY-NIETJIE

Mev. A. S. Swanepoel het 'n bydrae tot die Ontwikkelingsfonds van U.S. gestuur ter nagedagtenis aan haar vader, ds. W. A. Krige, wat op 5 Mei vanjaar oorlede is.

(Sien ook *Matieland* van Aug. 1967, bl. 38.)

ADRES- EN NAAMSVERANDERING

Mnr. J. C. van Niekerk (B.Sc. Landbou) en mej. *M. J. Louw* (B.Sc. Huishoudkunde)

Mej. Louw skryf: Dit sal miskien beter wees in-

dien u 'n gesamentlike adresverandering aanteken, want my aanstaande is ook 'n oud-Matie.

Mag u baie geluk smaak op u nuwe adres: Die Denne, Pk. Saron, oor Gouda!

VICTORIA COLLEGE: GEOMETRY OCTOBER 1910

Dr. E. L. P. Stals van R.A.U. staan aan die hoof van die geskiedenis-navorsingsprojek oor die geskiedenis van die Afrikaners aan die Witwatersrand. Dit is vir hom opmerklik hoeveel oud-Maties hulle merk aan die Rand maak en gemaak het.

Hoe oud party van die oud-Maties is, blyk uit 'n „Victoria College Geometry"-vraestel van 1910 wat hy in een van die boeke, deur 'n oud-Matie ingestuur, aangetref het!

Old Maties never die . . . they simply fade away!

Dr. Gerald P. Murphy, M.D., director of Roswell Park Memorial Institute, the New York State cancer research and treatment centre in Buffalo recently received the honorary degree, Doctor of Science, at the Thirty Fourth Convocation of St. Thomas Institute, Cincinnati.

Hearty congratulations from his co-workers and colleagues at Matieland!

Matielandfonds (vervolg)

Van der Merwe, mnr. P. C., Landdroskantoor, Karasburg	5,00
Van der Westhuizen, mnr. G. J., Posbus 718, Pretoria	5,00
Van Eeden, mnr. T. A., Posbus 207, George	2,00
Van Rensburg, mnr. B. P. J., Posbus 150, Zaatron	5,00
Van Rensburg, dr. F. A., Privaatsak 41, Pretoria	5,00
Van Zyl, mnr. C. E., Departement Bestuurs- dienste, Posbus 45, Springs	5,00
Van Zyl, mej. I., Toorkop, Lochielweg, Ronde- bosch	10,00
Vermeulen, dr. D. C., Posbus 339, Uitenhage	5,00
Versluis, mej. A. D. M., Heuwelsig 15, Barnes- straat, Bloemfontein	2,00
Wessels, mnr. H. J., Universiteit van Port Eliza- beth, Port Elizabeth	4,00
Wessels, mnr. W. J., Posbus 31, Heidelberg	5,00
Wiid, mnr. S. C., Giyani, oor Mokeetsi	3,00
Totaal tot 7 Oktober 1971	R8 782,11

L.W.: Alle tjeks en posorders moet asseblief aan Die Matielandfonds betaalbaar gemaak word.

Matielandfonds

Tot op 31 Oktober 1970 het ons lesers R8 467,01 tot die Matielandsfonds bygedra. Ons erken met dank en waardering die volgende bydraes wat sedertdien ontvang is. Sal die skenkers met onbekende adresse asseblief hulle korrekte adresse aan ons stuur?

Totaal tot 31 Oktober 1970	R8 467,01	
Barnard, mnr. W. H., Jan Krielskool, Kuilsrivier	5,00	
Basson, mnr. H. A., Posbus 92, Humansdorp	10,00	
Bekker, mnr. W. J., Doylesfordweg 338, Mondeor, Johannesburg	2,00	
Bergh, mnr. J. S., Universiteit van S.A., Pretoria	2,00	
Beyers, mej. E. M., Hoërskool Dirkie Uys, Moerreesburg	5,00	
Bezuidenhout, mev. M., Posbus 264, Bultfontein	5,00	
Boonzaaijer, mnr. N. M., Posbus 28, Wolmaransstad	5,00	
Bosch, mnr. J. F., Brandwag, Mosselbaai	2,00	
Bosch, ds. O. J. H., N.G. Pastorie, Van Zylsrus	2,00	
Boshoff, mnr. N., Strubenkopweg 422, Pretoria	2,00	
Botha, mnr. M., Scallanstraat 14, Somerset-Oos	2,00	
Bothma, mnr. en mev. J. A., Fisons Ind., Chloorkop	5,00	
Coetzee, mnr. en mev. P. J., Van der Stelstraat 41, Stellenbosch	5,00	
Coetzee, mev. J. C., Generaal van Schoorstraat 10, Bloemfontein	5,00	
Dekker, mnr. H. P., Mofinhof 14, Pretoria	3,00	
De Kock, mnr. D. S., Posbus 61955, Johannesburg	5,00	
De Villiers, prof. O. T., Hofmeyrstraat, Stellenbosch	4,00	
De Waal, mnr. en mev. A. N., Genl. Albertslaan 13, Alberton	10,00	
Dreyer, mnr. J. A., adres onbekend	5,00	
De Waal, mnr. P., Posbus 284, Empangeni	5,00	
Du Plessis, mev. E., Kruisstraat 30, Potchefstroom	5,00	
Du Toit, mnr. D., adres onbekend	2,00	
Eich, mej. M. E., Posbus 95, Worcester	2,00	
Fourie, mnr. O. J., Posbus 215, Paarl	5,00	
Gevers, mnr. R., Posbus 132, Tsumeb	2,00	
Grinaker, mnr. O. W., Crown Mines, Johannesburg	4,00	
Hall, Regter C. G., Soete Inval, Truterstraat, Robertson	3,00	
Hay, ds. en mev. J. F., Greenfields, Oos-Londen	4,00	
Hayes, mnr. J. P., Landboufakulteit, Stellenbosch	1,00	
Hough, prof. M. A., 2219 Coventry Road, Bryanston	5,00	
Joubert, mej. M. J., Posbus 625, Bloemfontein	1,00	
Korth, mnr. S. W., Pk. Nqodwana, Tvl.	2,00	
Knoetze, mnr. M., Posbus 142, Lusaka	10,00	
Kriegler, mev. H. J., Du Toitstraat 26, Ceres	2,00	
Langenhoven, prof. en mev. H. P., Universiteit van O.V.S., Bloemfontein	4,00	
Lategan, mnr. D. J., Lawsonstraat 98, Kimberley	10,00	
Louw, mnr. L., Posbus 17, Caledon	2,00	
Louw, mnr. P. J., Bergstraat 16, Wellington	2,00	
Lubbe, mev. C. M., Boschstraat 5, Paarl	2,00	
Malan, mej. L., Tygerbergsentrum 904, Bellville	10,00	
Malherbe, mnr. G. H., Van der Stelstraat 18, Stellenbosch	5,00	
Malherbe, dr. P. le R., Machabäerstrasse 75, Köln, Duitsland	5,00	
Mans, mnr. W. F., Posbus 267, Paarl	3,00	
Mey, lt. M. T., Voortrekkerhoogte, Pretoria	2,00	
Mitchell, mnr. W. J., adres onbekend	10,00	
Möll, mnr. J. W., Muckleneukstraat 138, Muckleneuk, Pretoria	2,00	
Naude, mev. A. S. B., Longstraat 21, Lichtenburg, Tvl.	2,00	
Nel, mnr. L., Parksig C7, Durbanweg, Bellville	3,00	
Nel, mnr. S. J., Posbus 189, Lydenburg	3,00	
Nieuwoudt, mnr. en mev. E., 22ste Laan 873, Rietfontein, Pretoria	4,00	
Pera, mev. I., De la Reystraat 13, Witbank	5,00	
Redelinghuys, mnr. J. H., p/a Tesourie, Uniegebou, Pretoria	5,00	
Retief, mnr. A. P., Privaatstak 191, Pretoria	3,00	
Rossouw, mev. E. J., Standard Bank, Swellendam	2,00	
Rossouw, kol. J. H., Privaatsak 13220, Windhoek	5,00	
Roux, mnr. J. P., Posbus 131, Hazyview	2,00	
Smit, mnr., adres onbekend	5,10	
Smuts, mnr. E. J., Hartbeeshof, Kenhardt	2,00	
Truter, mnr. G. J., Posbus 12505, Onderstepoort	3,00	
Van den Berg, mnr. B. H., p/a Residentiegenieur, S.A.S. Aanleg, Pietersburg	5,00	
Van der Dussen, mnr. A., Dept. Landbou en Bosbou, Umtata	2,00	
Van Deventer, mnr. J. R., Posbus 1091, Johannesburg	10,00	

Vervolg op bl. 37

Studentebedrywighede

Maties en Rugby

Prof. J. D. J. Hofmeyr, voorheen van die Universiteit Pretoria en tans woonagtig op Pietersburg, Tvl., skryf op 12 Augustus aan *Matieland*: „Hoe sou ons hier in die Noorde dit nie waardeer as die rooispan so nou en dan kragte kom meet en só die intervarsity-gees laat herleef!“

Die Redakteur het prof. Danie Craven in hierdie verband genader, want daar is tans niemand in S.A. wat so 'n totaalbeeld van rugby in S.A. het as huis hy nie.

MATIE-DEELNAME AAN DIE INTER-
UNIVERSITÈRE RUGBYTOERNOOI :
D. H. CRAVEN

Ek wil dit duidelik stel dat Stellenbosch graag teen ander Universiteite wil speel; dat hy dit dikwels al gedoen het, soms selfs met verswakte spanne. Om hierdie rede het ons vir die tweede agtereenvolgende jaar die Tukkies uitgenooi om hier by ons te kom speel. Ongelukkig was daar moeilikhede in hulle pad en kon hulle nie ons uitnodiging aanvaar nie.

Toe die heel eerste Intervarsity gereël is, nl. die een tussen ons en die Ikeys, is uitdruklik neergelê: „There will be no cup and no code of rules, the contest being governed merely by College Honour.“ Dit bly nog altyd vir ons die gees van enige Intervarsity, dat daar nie om bekers gespeel moet word nie, en alhoewel daar talle pogings aangewend is om bekers vir ons Intervarsity in die Suide te skenk, een wat o.a. die naam van die beroemde Bennie Osler sou dra, het ons konstant geweier om Intervarsity met al die dinge wat met bekerwedstryde gepaard gaan, in te trek. Vandaar dat ons voorgestel het aan die ander Universiteite dat ons op 'n vriendskaplike basis speel en elke jaar twee Intervarsities sal hê. Dit is van die hand gewys. Daar is ook genoem dat ons teen Ikeys moet speel vir die

inter-universitaire kompetisie en dat Intervarsity daarvoor gebruik moet word. Hiervoor sal ons nooit te vinde wees nie. Afgesien daarvan moet ons na die belang van ons eie Intervarsity hier kyk. Daar was 'n tyd toe twee sulke Intervarsities tussen ons en Ikeys plaasgevind het. Dit was beskou as te veel en een is afgeskaf. Met die kompetisies, soos hulle is, moet ons nou elke jaar ten minste drie keer teen Ikeys speel, en soms, d.w.s. as daar 'n eindwedstryd is, vier keer.

Die geskiedenis het geleer dat Intervarsities wat op 'n gesonde basis plaasvind tussen twee Universiteite, die beste uit hulle spelers haal. As dit nie vir ons jaarlikse kragmetings teen die Ikeys was nie, wonder ek hoeveel Springbokke ons sou opgelewer het. Vir ons is hierdie Intervarsity die wedstryd wat toon of 'n speler tot groot voetbal in staat is, al dan nie. Dit haal die beste uit elke speler. Dieselfde is die geval as Tukkies teen Wits speel of Potchefstroom teen die U.O.V.S. Dieselfde kan gebeur tussen Port Elizabeth se Universiteit en Rhodes.

Indien die plaaslike kompetisies nie genoeg voorstiening gemaak het vir die ontwikkeling van ons spelers nie, sou ons bepaald 'n ander plan moes maak, maar die kompetisies is goed en help ons spelers om te ontwikkel. Dit is die funksie van 'n Universiteit, soos hy die verstandelike vermoëns moet ontwikkel, so ook moet hy hulle sportvermoëns ontwikkel. Ons vind dat die plaaslike kompetisies ons daartoe help. Studente kry genoeg geleenthede om te ontwikkel. Vereers is daar die plaaslike kompetisies, dan die Suidelike Universiteite – of elders die Noordelike en Sentrale Universiteitspanne – en dan die provinsiale spanne. Daar was 'n tyd toe spelers wat nie aan Universiteitspanne behoort het nie geëis het dat, nes die Suidelike Universiteite 'n wedstryd teen oorsese spanne kry, hulle sonder dié Universiteite, ook so 'n wedstryd moet kry en hulle het sulke wedstryde gekry, en heeltemal tereg ook. So 'n eis word reeds gemaak

en klubs wil ook wedstryde teen oorsese spanne kry.

Dit kom hierop neer dat ons nie studente moet beginstig bo ander spelers nie. Ons is gelukkig dat ons die drie Universiteitsgroepe het en ek hoop ons sal dit altyd behou, maar daar is ander spelers in die land wat bepaald meer kanse verdien as wat hulle kry. Dit is om hierdie rede dat die Suid-Afrikaanse Rugbyraad byvoorbeeld die Suid-Afrikaanse Platelandse span in die lewe geroep het. Die Inter-kollege kompetisie is ook deur die Suid-Afrikaanse Rugbyraad goedgekeur en hierdie kompetisie vind elke tweede jaar plaas, maar dit is 'n kompetisie sonder 'n beker. Hierdie studente word almal opgeleid vir onderwysers en vir hulle moet derhalwe in alle opsigte gesorg word. Hulle kom in een plek bymekaar waar hulle vriendskaplike wedstryde teen mekaar speel, hulle ontvang afrigting en na afloop van hulle byeenkoms word 'n Suid-Afrikaanse Kollegespan gekies. Bowendien word rugbykursusse by die Normaal- en

STELLENBOSSE SPRINGBOKKE : OUD EN NUUT

Die bygaande foto is in die klubhuis, Coetzenburg, geneem tydens 'n geselligheid net voor die vertrek van die suksesvolle 1971-Rugbyspringbokke na Australië. Voor sit Matieland se twee toere Rugby-springbokke.

Agter: Andrew van der Watt (1969, '70, '71), Johan van der Merwe (1969, '70), Gert Brynard (1965, '66, '67, '68), James Starke (1956), Gert Muller (1969, '70, '71), Haas Schoeman (1963, '64, '65).

Middel: Mn. P. K. Morkel (1928), prof. D. H. Craven (1931, '35, '37, '38), Butch (G. P.) Lochner (1955, '56).

Voor: Morné du Plessis (1971), Dawid Snyman (1971).





Mnr. J. A. Jooste, bestuurder van die plaaslike tak van die S.A. Permanente Bouvereniging, wens mej. Von Aulock geluk met die verowering van die beurs.

Opleidingskolleges aangebied sodat hierdie aspirant-onderwysers rugby kan gaan uitdra na die skole soos dit een tyd die geval was met die opvoedkundige fakulteite van Universiteite. Vandag gebeur dit selde dat 'n eerstespanrugbyspeler opvoedkunde volg, maar een tyd was dit die reël en was dit een van die belangrikste faktore wat gehelp het om Suid-Afrikaanse rugby te bring waar dit gekom het. Waar ons dus steun dat die Inter-kollege kompetisie plaasvind, geld dieselfde beginsels nie vir die Inter-universitêre kompetisies nie.

Oorspronklik het die Ikeys ons ondersteun in ons houding en toe die eerste Inter-universitêre kompetisie in Pretoria plaasgevind het, het beide hulle en ons nie deelgeneem nie. Ons twee saam het toe voorgestel dat die groep Universiteite teen mekaar moes speel. Desyds was dit nog slegs die Noordelike en Suidelike Universiteite. Hierdie voorstel is aanvaar en in 1956 het so 'n byeenkoms in Durban plaasgevind. Dit was 'n baie groot sukses. So iets het vir ons waarde want al ons studente deur die hele land sal op 'n hoëvlak teen mekaar op 'n vrienkskaplike basis deelneem. Elke groep sal slegs twee wedstryde speel.

Rugby, om doeltreffend georganiseer te word, bestaan uit lae van die onderste tot die boonste, d.w.s. die Springbok-laag. Indien lae kortkom sal spelers nie ontwikkel nie. Die laag Suidelike of Noordelike

Universiteite kan 'n belangrike funksie vervul, want dit is 'n stap tussen eerste-liga en provinsiale liga.

Kompetisies haal die beste uit spelers, maar daar is 'n baie belangrike faktor wat altyd onthou moet word, en dit is dat spelers soms wil speel sonder dat 'n beker op die spel is. Vrienkskaplike wedstryde vul tot 'n baie groot mate in hierdie behoeftte. Dit is daarom dat spanne soos die Kwaggas en Duikers, Barbarians, ens., sulke gesogte spanne is. Stellenbosch gebruik die toere gedurende die Junie/Julievakansie vir hierdie doel sodat ons rugbyspelers ook ontspannende rugby kan speel met al die voordele wat daaraan verbonden is vir siel en liggaam. Om jaar in en jaar uit slegs beker-wedstryde te speel, verg te veel van enige speler.

Om saam te vat: Stellenbosch is nie bang om te verloor nie, want die span wat vandag verloor, wen mōre. Stellenbosch het dit nog nooit teen enige Universiteit gehad nie, sê dit openlik, en leef dit uit. Stellenbosch beoog slegs die welsyn van rugby ter wille van rugby, en Stellenbosch is bereid om teen enige Universiteit te enige tyd op 'n vrienkskaplike basis te speel.

Die S. A. Permanente Bouverenigingsbeurs

Bogemelde beurs van R350 per jaar is vanjaar toegeken aan mej. M. H. M. von Aulock, van Breërivier. Mej. Von Aulock het in 1970 die skoolindeksamen aan die Hoërskool Bloemhof afgelê en volg tans die B.Sc.-kursus te Stellenbosch. Sy is 'n inwoonster van Huis van Niekerk.


Die beurs is jaarliks beskikbaar aan matrikulante van die drie plaaslike hoërskole en word beurtelings toegeken. Volgende jaar sal die beurs aan 'n leerling van die Paul Roos-Gimnasium toegeken word.

EENDRAG TIEN JAAR OUD

Prof. Bun Booyens, inwonende hoof, skryf in *Vires Unitatis 1961-1971*, die gedenkblad wat by die tienjarige feesviering van Eendrag uitgegee is:

„Tien jaar in die lewe van 'n koshuis is, gemeet aan Matie-standaarde, niks om oor gaande te raak nie, maar as dit die eerste tien jaar is, word dit betekenisvol omdat dit – soos met 'n kind – huis dié stadium is waarin die karakter en koers, ook van 'n koshuisgemeenskap, sy beslag kry.”

Van die feesblad is nog heelwat eksemplare teen R1 stuk (posgeld ingeslote) by Die Redakteur, Vires Unitatis, Eendrag, Stellenbosch, te kry. Sal oud-Eendragters asseblief dadelik bestel!



Melanie, mnr. Houba en Kwassie

TENNIS: SO MOET DIT GEHOU WORD

Mnr. J. Houba, tennisafrigter van die Maties, is hier besig om 'n fyner puntjie aan Kwassie van der Merwe en Melanie Calitz presies te verduidelik.

Die intensiewe afrigting deur mnr. Houba is groten-deels verantwoordelik vir die gedugte Matiespanne van die afgelope jare. Elke jaar word ook nog 'n week-lange intensiewe kursus vir skoliere op Stellenbosch gehou.

A.C.S.V. SKENK AAN SENDINGKERK

Op 3 Mei is 'n tjek van R1 437 aan prof. B. C. Lategan van die Teologiese Kweekskool van die N.G. Sendingkerk in Bellville-Suid in sy huis oorhandig.

Die geld is in 1969 en 1970 tydens Sendingkonsert-toere langs die Tuinroete ingesamel. Die toere word

onder beskerming van die A.C.S.V. van Stellenbosch gereël. Bogemelde bedrag word geskenk om te help met die oprigting van 'n studentekoshuis op die terrein van die Teologiese Skool in Bellville-Suid. In 1967 en 1968 is die ingesamelde geld aan sendingstasies in S.W.A. geskenk.

'N STEREO-LANGSPEELPLAAT

van die 25e Sangfees (ook aangepas vir mono-platespelers) kan teen R4,50 van Image Oudovisueel, Ryneveldstraat 15, Stellenbosch, bestel word.

AKADEMIESE JAAR 1972

Eerste Semester

Aanvang van klasse (uitgesonnerd klasse vir sekere kursusse); formele opening: Maandag, 21 Februarie.

Aanvullende grade- en diplomaplegtigheid: Vrydag, 3 Maart.

Einde van eerste kwartaal: Donderdag, 30 Maart.

Hervatting van voorlesings vir 2e kwartaal: Maandag, 10 April.

Einde van die 1e semester: Vrydag, 23 Junie.

Op die foto oorhandig Theo Smit (links) (huidige voorsitter van die A.C.S.V. op Stellenbosch) die tjek aan prof. Lategan. Tweede van links staan Johan van der Merwe (toerleier van 1967 en 1968) en langs hom Emile Blommaert (toerleier 1969). Heel regs staan Thys Muller (toerleier 1970).



Tweede Semester

Begin van die 2e semester : Maandag, 24 Julie.
Einde van die 3e kwartaal : Vrydag, 22 September.
Hervatting van voorlesings vir 4e kwartaal : Maandag,
2 Oktober.

Klasse sluit (uitgesonnerd klasse vir sekere kursusse) :
laaste dag vir die inlewering van klassyfers : Vry-
dag, 20 Oktober.
Einde van die akademiese jaar : Vrydag, 8 Desember.


MATIES WEN BLOEDIGE INTER VARSITY

Die Maties het onlangs 'n bloedskenk-intervarsity teen die Ikeys gewen deur altesame 657 pinte te skenk teenoor die Ikeys se 590 pinte. 'n Trofee vir dié prestasie is aan die Maties oorhandig by 'n geselligheid wat deur die Stellenbosse tak van die W.P. Bloeddiens gereël is.


DEBUTANTE SE INSAMELING VIR USKOR

Altesame 31 debutante het meer as R10 000 vir U.S. se Klinieke Organisasie wat gratis mediese diens aan Kleurlinge lewer, ingesamel. Mej. Deidre Barnard het R2 110 ingesamel en daarvan 'n gratis lugreis as prys ontvang. Die dames op die foto het elk meer as R1 000 ingesamel.

L.n.r.: Jennifer van der Veen van Skukuza, Wilita Brand van Malmesbury, Deidre Barnard van Kaapstad en Cornelia Erasmus van Viljoenskroon.



Op die foto oorhandig mn. P. Cillié, streekbeampte van die W.P. Bloeddiens, die trofee aan mej. Dene Smuts, die studenteraadslid wat die bloedskenking gereël het. Regs staan prof. A. F. de Wet, voorsitter van die Stellenbosse tak van die Bloeddiens. (Hy is op 22-6-71 skielik oorlede.)





AKTUALITEITSKURSUS DEUR A.S.V.S.


L.n.r.: Danie Schutte (Pretoria), Alphia Dippenaar (Koringberg), prof. Bun Booyens ('n spreker), Maritha van der Merwe (Stellenbosch), Koos le Roux (Kroonstad) en Jurgens Hendriksz (Stellenbosch).

Die Afrikaanse Studentevereniging van Stellenbosch het gedurende die wintervakansie 'n baie suksesvolle aktualiteitskursus op Stellenbosch gehou. Tien bekende sprekers het die meer as 200 kursusgangers oor aktuele onderwerpe toegespreek.

ASTERS EN VUURWAENS

Altesame 60 Matie dames en 'n prinsipale van 'n kos-huis het op 8 Saterdagoggende kursusse oor vuurwaens geloop. Die Vereniging van Stellenbosse Ingenieur-studente het dit gratis aangebied.

Op die foto verduidelik mnr. Piet Heyns 'n motor se ratwerk.



Allerlei

Spesiale Grade- en Diplomaplegtigheid
op 23 Junie 1971 in die Senaatsaal
van U.S.

Vyf dames het die Diploma in Verplegingsonderwys
verwerf en 'n sesde, mej. Gertrude Malherbe van
Swellendam, het dit *cum laude* ontvang.

Die graad B. in Arbeidsterapie is aan mej. Annalise
Spies toegeken.

Drie nuwe dokters het die M.B., Ch.B. ontvang.
Spesiale vermelding is gemaak van mnr. Chris Theron
wat ondanks swak gesondheid die graad M.Sc. in
Geneeskundige Wetenskappe *cum laude* verwerf het.

Aan ses gevorderde studente is die graad M.Med.
toegeken.

Die Rektor, prof. J. N. de Villiers, het in 'n kort
toesprakie beklemtoon dat daar op alle terreine van
die Geneeskunde 'n groot tekort aan deeglik opgeleide
persone is. Dit is verblywend om te sien dat so baie
studente spesialiseer sodat hulle nog groter diens kan
lewer.

BOSBOU BESPAAR ARBEID

Mej. Joan Pienaar van De Aar hou van Bosbou-
studente, want hulle laat jou „eet op papier”.



KOEL E LENT E

Kom stap saam met Amanda Smit van Parow (links) en Irma Britz (Robertson).



U.S. SE KLEURE TOEKENNING

Mej. Corné Rossouw (regs), 'n lid van die S.R., het die reëlings getref vir die oorhandiging van sportkleure-sertifikate aan 91 studente in April vanjaar. Die sertifikate is deur mev. J. N. de Villiers (eigenote van die Rektor) toegeken. Op die foto verskyn ook mej. Laetitia Malan (kleure vir atletiek) en mnr. Gert Muller (rugbykleure).





S E N D I N G W E R K

'n Groot aantal studente en lede van die publiek het van 15 tot 21 Augustus 'n Sendingweek op Stellenbosch bygewoon.

Op die foto kyk mej. Jacobie Viljoen, van die Japan-Sending vir hospitaal-evangelisasie, en mnr. Tobie de Wet, 'n Kwekskoolstudent, na 'n uitsluiting in Erfurthuis oor sendingwerk in Japan.

OUD-MATIEBAADJIES

Prys R25.00

Vervaardig deur Veka

Alle Nommers altyd in Voorraad

Nuwe Terylene Oud-Matiedas

Prys R2.35

Skryf aan:

pikkie blommaert
mansuitruster stellenbosch

Posbus 94
Stellenbosch



Die Bekroonde Drukkers



NASIONALE HANDELSDRUKKERY BPK.

Verkoopafdeling : Drommedaris-gebou, Leeuwenstraat, Kaapstad. Tel. 2-2124.
Administrasie en fabriek : Zelstraat, Elsiesrivier, Tel. 98-1475

VZ&R—K340/3




Waarom het al
hierdie professionele manne
Sanlam se
100 Multi-Plus gekies?

Manne wat in hul beroep uitblink, kyk gewoonlik ook die geldmark fyn deur. Dié manne belê hulle geld in 100 Multi-Plus – die enkelpremie-belegging met welige groeikrag plus opsoniele ingeboude lewensdekking. Die minimumbedrag is R500. U kies self watter gedeelte van u belegging – tot 100% – by die spesiale fonds van die 100 Plus-

reeks ingesluit word. Ons belê dit waar geld gou-gou grootgeld word. En Sanlam waarborg dat die bedrag wat by dood of op die uitkeerdatum betaalbaar is, altyd groter as die beginbedrag sal wees. Boonop kan u ook gereeld geld belastingvry daaruit onttrek. Gesels gerus met 'n Sanlam-man. Dis so goed as geldmaak. Ons manne is mos self beroepsmanne.

100MULTI^{PLUS}



SANLAM – die voorloper in moderne lewensversekering

Kry meer besonderhede by enige Sanlam-kantoor of Sanlam-verteenwoordiger.

SL-585/247A



*Elke Sigaret
n Meesterstuk*

Produk van Suid-Afrika

VRFA 1650